

**INTONASIE AS KODEWISSELINGSTRATEGIE
BY DIE AANLEER VAN AFRIKAANS DEUR
SWART STUDENTE - 'N ETNOLINGUISTIESE
ONDERSOEK**

Maria Esterhuizen

B.A. Honns.

Verhandeling goedgekeur vir die graad Magister Artium in Afrikaans-Nederlands in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. D.M. Wybenga

Potchefstroom
1991



VOORWOORD EN DANKBETUIGINGS

Hierdie navorsing sou nie suksesvol afgehandel kon word sonder die regstreekse of onregstreekse hulp en ondersteuning van verskeie persone nie, daarom my opregte dank en waardering aan:

- * my studieleier, prof. D.M. Wybenga, vir kundige leiding, insigvolle gesprekke en eindelose geduld. Sonder sy aanmoediging was hierdie studie onmoontlik;
- * Gretel Wybenga vir toestemming om die opname te gebruik asook gesprekke rondom die interpretasie daarvan;
- * Prof. D. Wissing wat die opname vir 'n masjienanalise oorweeg het;
- * Hennie Odendaal wat die bandopname verbeter het;
- * Leon Redelinghuys vir hulp tydens die opneem van die lesing;
- * Yvonne de Bruyn vir deeglike tikwerk wat baie kundigheid geverg het;
- * Jakkie Dominicus vir die moeite met aanvanklike tikwerk;
- * Annatjie Dominicus vir interessante redenasies rakende die tema;
- * Casper, Jaco en Enri-Zaan vir die onderskraging en begrip tydens die afgelope tydperk;
- * Kollegas, ouers, familie en vriende vir belangstelling en verdraagsaamheid.

Geldelike bystand deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie studie uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing toegeskryf word nie.

SUMMARY

Title: Intonation as code switching strategy in the teaching of Afrikaans to black students - an ethnolinguistic research

By: M. Esterhuizen

Supervisor: Prof. D.M. Wybenga

Department: Afrikaans Nederlands

Degree for which dissertation was submitted: Magister Artium

In Chapter 1 the simultaneous use of code switching and intonation is mentioned as a strategy to convey speakers' intention. Conversationalists make use of this strategy in a specific ethnic and conventionalized way.

Research on the prosodic features of Afrikaans is mostly done through the examination of isolated sentences. This procedure does not give any indication of the manner in which intonation and code switching bind sentences together to fit into a single theme. What is needed is a functional view of prosody and code switching to uncover the strategic use of these phenomena in connected discourse. This constitutes the basic aim of the present study.

In chapter 2 the terminology and approach used in this study is explained. The objects of the study in discourse analysis are communicative signs, i.e. prosody and code switching, and their patterning in text. Discourse is seen as an ongoing process by means of which speakers negotiate intention from moment to moment, making use of the linguistic system in a strategic way. Prosody and code switching are described as contextualization cues which form part of text (as determined by the situational dimensions in the Hallidayan sense). The situational dimensions, i.e. field of discourse, tenor of discourse and mode of

discourse, are incorporated in a discourse model to be used for analysing a specific lecture of Afrikaans.

Chapter 3 deals with the way in which this discourse model can be used to analyse text encoded in linguistic choices. The obtaining of the data, consisting of natural language, is explained and fragments of these are analysed with reference to the strategic use of code switching and intonation.

In chapter 4 the results of the systematic observation are described. It is concluded that the strategic use of code switching is part of the speakers' intentions that are conveyed through intonation which forms the basis of the information structure.

Recommendations for future research are based on the findings of the study and the role of polysyllabic pitch level in discourse is pointed out as a main issue for consideration by researchers.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING

1.1	Intonasie en interkulturele kommunikasie	1
1.2	Intonasie en diskoers	2
1.3	Probleemstelling en voorlopige terreinafbakening	5
1.4	Samevatting	5

HOOFSTUK 2

TERME-UITEENSETTING

2.1	Etnolinguistiek	7
2.1.1	Die konseptuele raamwerk	8
2.1.2	Ontwikkeling van die sosiolinguistiek: 'n kort agtergrond	9
2.1.3	Taal en etnisiteit	16
2.1.4	Samevatting: Die etnolinguistiese aard van die ondersoek	17
2.2	Kodewisseling	18
2.2.1	Die tradisionele linguistiese beskouing	18
2.2.2	Kodes as tipes sosiale semiotiek	19
2.2.3	Die wisseling tussen tale	19
2.2.4	Die wisseling binne een taal	20
2.2.5	Samevatting	22
2.3	Diskoersanalise	23
2.3.1	Diskoers en teks	25
2.3.2	Diskoersanalise: 'n terreinafbakening	25
2.3.3	Diskoersorganisasie	29
2.3.4	Samevatting	38
2.4	Diskoersstrategieë	39
2.4.1	Algemene opvattinge van diskoersstrategieë	40
2.4.2	Samevatting: verbesondering van diskoersstrategieë	42
2.5	Prosodie	43
2.5.1	Nie-segmentale spraakkomponente	44
2.5.2	Die struktuur van intonasie	44

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

2.5.3	Intonasie en funksie	48
2.5.4	Opsommend	50
2.6	Samevatting	51

HOOFSTUK 3

METODOLOGIE EN DISKOERSANALISE

3.1	Benaderingswyse	52
3.2	Versameling van die data	53
3.2.1	Die opname	53
3.2.2	Probleme met die opname	54
3.2.3	Die korpus	55
3.2.4	Die transkripsie van die diskoers	56
3.3	Metode van verwerking, analise en interpretasie	57
3.3.1	Metode van verwerking	57
3.3.2	Transkripsiemetode	60
3.3.3	Diskoersanalise en interpretasie	61
3.3.4	Samevatting	90

HOOFSTUK 4

GEVOLGTREKKING

4.1	Inleiding	91
4.2	Die oorspronklike probleemstelling	91
4.3	Evaluering van die ondersoekmetode	92
4.4	Bevindings	96
4.4.1	Analise I	96
4.4.2	Analise II	97
4.4.3	Analise III	99
4.5	Opsomming van die belangrikste insigte	103
4.5.1	Keuse van 'n diskoers en ondersoekmetode	104
4.5.2	Kodewisseling en strategie	105
4.6	Aanbevelings	107

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

Bylae a 'n Woordweergawe van die opname	111
Bylae b Onderskeie toonopeenvolgings	123
Bibliografie	143

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

LYS VAN FIGURE

1.	Etnolinguistiek as interaksionele konsep	8
2.	'n Algemene diskoersmodel	39
3.	Prominensie binne die tooneenheid	47
4.	Verbesonderde diskoersmodel	58
5.	Transkripsie	61
6.	Moontlike intonasieverband	80
7.	Toonopeenvolgings (I-IV)	82
8.	Tematiese organisasie	100
9.	Verspreiding van temawoorde binne die diskoersfragment (K7-58)	102

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING

1.1 INTONASIE EN INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE

Gumperz et al. (1982:30) merk tereg op dat "... we can never say anything without intoning it, and changing the intonation of an utterance entails changing some aspect of its meaning".

Volgens Brazil (1981:49) is die gebruik van 'n oordrewe stygtoon op die laaste prominente sillabe in 'n tooneenheid, sprekend van 'n spreker se verhewe status soos gebaseer op sosiale konvensie, byvoorbeeld 'n dosent-student verhouding. Indien 'n Sothostudent Afrikaans praat en uit onkunde sodanige toon teenoor 'n Afrikaanssprekende dosent gebruik, kan dit beslis aanleiding gee tot ergernis. Vergelyk die volgende voorbeeld:

Student: Ek wil iets sê

Die woord sê is in hierdie uiting op 'n hoë toonvlak en met 'n oordrewe stygtoon uitgespreek. Volgens Gumperz (1982:132) het verkeerde betekenisafleiding ook die gevolg dat: "... when a difference in interpretation is brought to a participant's attention, it tends to be seen in attitudinal terms" sodat 'n gespreksdeelnemer baie maklik weens misverstand as onvriendelik, ongeduldig of ongemanierd beskou mag word. In dieselfde trant wys Van Jaarsveld (1989) met 'n uitgebreide ondersoek op misverstand wat te wyte is aan kultuurverskille tussen Afrikaanssprekendes en sprekers van Afrikatale. Chick (1984:152) som dit soos volg op: "Encounters with different people but with similar results can, over time, generate negative cultural stereotypes." Die wyse waarop toonvlak in Afrikaans, in teenstelling met Sotho funksioneer, kan aanleiding gee tot misverstand.

Alhoewel die onderhawige studie nie taalvergelykend oor intonasie handel nie, is dit nodig om op enkele aspekte wat tydens interkulturele kommunikasie sodanige misverstand teweegbring, te wys.

Couper-Kuhlen (1986:117, e.v.) onderskei op grond van toongebruik tussen drie taaltipes, naamlik toon-, woordaksent- en nie-toontale. Die twee taalgroepe, te wete Afrikaans en Sotho, wat in my ondersoek van belang is, vorm onderskeidelik deel van die Germaanse en Sento-taalfamilies. Afrikaans word gekenmerk as 'n nie-toontaal, terwyl Sotho 'n toontaal is (vergelyk Botha et al., 1987:38, e.v.).

In 'n toontaal word toon aangewend om verskillende leksikale items te identifiseer. In Sotho word drie toonvlakke sistematies in die leksiko-grammatiese sisteem toegepas. Toonvlakke vorm dus deel van woordbetekenis. Nie-toontale soos Afrikaans word deur Couper-Kuhlen (a.w.:117) beskryf as "... languages in which pitch modulation functions at the level of utterance rather than at the level of the word to create meaningful distinctions". Indien die woord *nee* byvoorbeeld met 'n styg- of daaltoon uitgespreek word, sal dit twee verskillende uitings tot gevolg hê, maar dit bly steeds een leksikale item.

Dit kan van 'n moedertaalspreker van Afrikaans verwag word om bewus te wees van die probleme wat 'n Sothosprekende gespreksdeelnemer moontlik ondervind met die intonasie van Afrikaans en om gevolglik kommunikatiewe buigsaamheid aan die dag te lê, sodat misverstand sover moontlik voorkom word tydens interkulturele kommunikasie.

1.2 INTONASIE EN DISKOERS

Min onderwerpe geniet in die jongste tyd wêreldwyd in taalondersoeke soveel aandag as diskoersanalitiese studies, met inbegrip van intonasieverskynsels, binne 'n etnolinguistiese raamwerk.

Suksesvolle kommunikasie in 'n gespreksituasie is afhanklik daarvan of die sprekersintensie korrek deur 'n hoorder geïnterpreteer word. Volgens Couper-Kuhlen (1986:2, e.v.) realiseer 'n spreker se uitings in klank wat uit segmentale en nie-segmentale

komponente bestaan. Die rol van nie-segmentale klankkomponente, soos byvoorbeeld intonasie, vorm die ondersoekterrein van prosodie.

Van Jaarsveld (1982:303) spreek die versugting uit dat die intonasie van Afrikaans behoorlik ondersoek moet word. Met die uitsondering van enkele pogings (vergelyk onder andere Van Jaarsveld, 1982:292, e.v.) is hierdie terrein ten opsigte van Afrikaans nog nie sistematies ontgin nie. Daarom kan dieselfde skrywer (1989:450) 'n aantal jare later weer opmerk: "Die geweldige rol van intonasie, ..., en watter invloed dit op interkulturele misverstand kan hê, moet nagegaan word." (Aksentuering deur M.E.)

Bestaande ondersoeke oor die intonasie van Afrikaans word meestal beperk tot die analise van geïsoleerde sinne en woorde (vergelyk onder andere Van Jaarsveld, 1982:292, e.v.; Combrink en Stadler, 1987:184, e.v.). Binne 'n gespreksituasie is die aanwending van intonasie nie in die eerste plek om sinstipes te onderskei nie, maar wel om die intensionele verloop van die diskoers mede te help bepaal. Die tradisionele beskouing dat 'n stygtoon met vraagvorme en 'n daaltoon met stellings gepaardgaan, dui op intonasiekontras met betrekking tot sinstipes (vergelyk Couper-Kublen, 1986:111). In diskoersverband word die rol van styg- en daaltone asook toonvlak egter funksioneel benader en hiervolgens vervul die kontrasterende gebruik van tone verskeie funksies, onder andere die uitdrukking van bestaande of nuwe informasie, 'n spreker se gemoedstoestand, of om 'n diskoers in hoof- en newehandeling te organiseer.

Met wat Van Jaarsveld (1982:292, e.v.) self as "voorlopige opmerkings" beskou, ondersoek hy die intonasie van vraagstellings in Afrikaans en maak gebruik van geïsoleerde sinne. Die skrywer wys daarop (a.w.:280) dat die vraagstelling in werklikheid 'n stelling is. Laasgenoemde eindig as sinstipe gewoonlik met 'n daaltoon. Maar sommige vraagstellings eindig volgens die skrywer (a.w.:303) nie noodwendig so laag as 'n stelling nie,

alhoewel laer as die vraagvorm. Die vraag word gestel of dit 'n moontlikheid skep dat vraagstellings dus nie soos stellings noodwendig met voltooidheid geassosieer moet word nie, maar 'n reaksie wil ontlok. Brazil (1981:48) baseer die sprekerskeuse tussen 'n styg- of daaltoon onder andere daarop of die strekking van 'n uiting reeds in die diskoers teenwoordig is al dan nie. Brazil (1981:154) som dit soos volg op: "With proclaiming tone [daaltoon] the speaker seeks new information. With referring tone [stygtoon], the implication is usually that he is checking an already made assumption, before proceeding with business."

Die vraag van Van Jaarsveld (a.w.:303) rondom 'n vraagstelling se toon en die voltooidheid of onvoltooidheid daarvan, kan myns insiens beantwoord word indien sodanige uiting binne diskoersverband ontleed word. In 'n diskoers gebruik gespreksdeelnemers intonasie strategies om intensie oor te dra en nie as sinstipering nie. Hiermee word die algemene opvatting dat vrae met 'n stygtoon eindig, nie ontken nie, want dit kan in 'n diskoers ook só funksioneer. Die probleem wat Van Jaarsveld opper, wys egter daarop dat alles miskien nie pluis is met die tradisionele opvatting van intonasie nie. Hierdie dringende kwessie vereis nie 'n benadering wat gebruikmaak van geïsoleerde sinne, waarin die vooroordele van die ondersoeker so maklik na vore kom nie, maar 'n ondersoek wat diskursief van aard is.

Brazil (1981:46) som die kern van hierdie saak soos volg op: "... in making any choice of intonation feature a speaker is invoking some aspect of the conversational setting he shares with his hearer at the moment of his utterance" en dui verder aan dat 'n spreker se interpretasie van 'n bepaalde gespreksituasie nie noodwendig in ooreenstemming is met dié van die hoorder nie: "Indeed, the possibility of accidental mismatch between speaker's and hearer's viewpoint is only part of the problem of setting up a description." Intonasie kan soos enige van die ander opsies wat 'n taalsisteem bied, geëksploiteer word. Om taktiese redes kan 'n spreker intonasie anders aanwend as wat tradisioneel aanvaar word en daarom is die volgende opmerking

van die skrywer (t.a.p.) belangrik: "Difficulties associated with speaker-perspective and particularly with exploitation have to be faced in any extended account of the meaning of intonation." Vergelyk ook Halliday (1978:156) in hierdie verband.

1.3 PROBLEEMSTELLING EN VOORLOPIGE TERREINAFBAKENING

Die strategiese aanwending van prosodie en in besonder intonasie, moet binne diskursiewe verband ondersoek word. Diskoers vind binne 'n situasionele konteks plaas en daarom sal die prosodiegebruik van 'n spreker op verskeie interaksionele faktore gebaseer wees. Elke uiting binne 'n bepaalde diskoers veronderstel dat intonasiekeuses deur 'n spreker uitgeoefen word en daar moet vasgestel word watter bydrae hierdie strategiese keuses tot die intensionele verloop van die diskoers lewer.

Binne die verband van 'n klaskamerdiskoers kan die formaliteitsgraad byvoorbeeld afwisselend formeel of informeel wees, na aanleiding van die situasionele faktore met inbegrip van die sprekersintensie. Deur die intonasiepatroon van elke uiting na te gaan, moet bepaal word of die spreker wel van intonasie gebruikmaak om die genoemde stylwisseling, wat deel van die sprekersintensie se realisering uitmaak, aan die hoorder oor te dra. Die funksie van intonasie, indien dit nie op stylwisseling afgestem is nie, moet ontgin word.

1.4 SAMEVATTING

Daar bestaan soos aangedui (vergelyk par. 1.2) wel 'n aantal studies oor die intonasie van Afrikaans, maar dit behels grotendeels die grammatiese funksies daarvan wat bepaal is deur sinne in isolasie te ontleed. Kode- en stylwisseling vorm deel van diskoers en 'n spreker maak strategies hiervan gebruik om intensie oor te dra. Elke uiting van 'n spreker veronderstel

nie net leksiko-grammatiese keuses nie, maar openbaar ook kenmerkende intonasiepatrone. Sprekersintensie realiseer in klank en dus wend 'n spreker ook intonasie strategies in diskoers aan.

In die onderhawige studie word 'n poging aangewend om die probleem wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is, op te los. Die ondersoekterrein is nog nie voldoende in Suid-Afrika ontgin nie. Die ondersoeker is daarom hoofsaaklik aangewys op studies ten opsigte van ander tale. Terme en metodes moet gevolglik aangepas word sodat dit op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse in 'n model vir 'n diskoersanalise gebruik kan word.

HOOFSTUK 2

TERME-UITEENSETTING

In hierdie hoofstuk word die belangrikste woorde en begrippe soos dit in die studie toegepas word, verduidelik. Aangesien kodewisselingsprobleme tussen twee etniese groepe in 'n kommunikatiewe taalsituasie - dit is die klaskamerpraktyk - ter sprake is, moet die volgende begrippe ondersoek word:

Etnolinguistiek

Kodewisseling: stylregister en -wisseling

Diskoersanalise

Diskoersstrategieë

Prosodie

In die omskrywing van die bogenoemde begrippe word die sosiokulturele aard van taal benadruk. Hierdie verbintenis lei daartoe dat kodewisseling binne 'n besondere taal, kultuurspesifieke semantiese style openbaar. Deur 'n ondersoek na diskoersanalise word die situasionele omgewing waarin 'n gesprek plaasvind se kenmerke in verband met die linguistiese tekskenmerke gebring. Die strategieë wat 'n gespreksdeelnemer kan toepas om intensie oor te dra, word vervolgens bespreek, met spesifieke verwysing na die rol van prosodie en in die besonder, intonasie.


2.1 ETNOLINGUISTIEK

Die term etnolinguistiek word aan die hand van 'n konseptuele raamwerk, wat die verhouding van relevante wetenskaplike dissiplines en konsepte tot mekaar vergestalt, verduidelik. Die hieropvolgende raamwerk is slegs volledig in soverre dit bydra tot die suksesvolle omskrywing van die betrokke term. Om hierdie term in die taalkunde binne konteks te plaas, is dit nodig om ook na verskeie studierigtings in die taalkunde te verwys en om kortliks na die ontwikkeling van enkele hiervan te kyk.

2.1.1 DIE KONSEPTUELE RAAMWERK

FIGUUR 1

ETNOLINGUISTIEK AS INTERAKSIONELE KONSEP



Die eerste vlak van die raamwerk toon 'n verbintenis tussen vier dissiplines, naamlik: psigologie, sosiologie, antropologie en linguistiek. Die bestaande verwantskap word hier gebaseer op die feit dat taal binne die ondersoekterrein van elkeen van die genoemde dissiplines ter sake is.

Taal word op die tweede vlak as 'n intermediêre konsep weergegee, sodat die vier dissiplines nie slegs onderling verwant is nie, maar ook, soos op die eerste vlak van die raamwerk verantwoord, die individu as 'n sosiokultureel-afhanklike entiteit insluit.

Die interaksie wat met figuur 1 aangedui word, genereer verskeie subdissiplines, onder andere: die sosiale psigologie, die antropologiese linguistiek en die linguistiese antropologie.

that these in turn must be studied by abstraction from accurate observations of phonetic data".

Lubbe (1983:59) wys daarop dat die drie tydgenote, De Saussure (grondlegger van die moderne taalkunde), Sigmund Freud (grondlegger van die moderne psigologie) en Emile Durkheim (grondlegger van die moderne sosiologie) "... die perspektief wat die gemeenskap die resultaat van individuele gedrag maak, omgekeer en daarop aangebring [het] dat gedrag moontlik gemaak word deur 'n kollektiewe sosiale sisteem wat bewustelik of onbewustelik deur individue geassimileer is". 'n Handeling moet hiervolgens verklaar word deur dit te verbind aan die onderliggende sisteem van norme wat dit moontlik maak.

Dit wil voorkom asof die bogenoemde perspektief (vergelyk die aanhaling in vorige paragraaf) 'n sosiolinguistiese benadering van taal tot gevolg kon hê, maar die skrywer (t.a.p.) som die teendeel soos volg op: "De Saussure wil nie verklaar waarom 'n individu 'n spesifieke uiting voortbring nie, maar probeer aandui waarom 'n uiting die vorm en betekenis het wat dit wel het, deur dit te verbind aan die taalsisteem." Gumperz (1982:11) verduidelik in dieselfde trant dat: "... individual items are extracted from the linguistic environments and social contexts in which they were originally recoded, and rearranged in sets based on formal criteria which are determined by the analyst's theoretical concerns". Die skrywer (a.w.:16) wys ook daarop dat aspekte soos intonasie, ritme en keuse tussen leksikale, fonetiese en sintaktiese opsies nie as bepalend vir die betekenis van 'n boodskap beskou is nie.

Gedurende die onderhawige tydperk ontstaan verskeie taalteorieë wat met verskillende linguistiese denkskole verbind word en wat 'n wêreldwye invloed op linguistiese denkrigtings uitoefen. Twee sodanige denkrigtings is dié wat met die Amerikaanse strukturalisme, waarvan Bloomfield die belangrikste verteenwoordiger is, verbind word en ook die transformasioneel-generatiewe grammatika wat deur Noam Chomsky ontwikkel is. Weens die aard van

my ondersoek word daar volstaan met die volgende oorhoofse opmerkings in hierdie verband.

Alhoewel Stern (1983:136-137) beklemtoon dat Bloomfield self nooit die belang van die betekenisaspek in taalontginning ontken het nie, maar dat dit bloot deur hom ter syde gestel is in sy beperking van die linguistiese ondersoekterrein, verwys Halliday et al. (1964:149) soos volg na die strukturalistiese benadering van taal: "Meaning, they said, could not be observed or described; the linguist should analyse only form and substance, without reference to context or to the part played by language in life." Die skrywers (a.w.:150) noem twee eienskappe van die vroeëre taalondersoeke, naamlik die analise van taalitems binne afsonderlike taalkategorieë op formele wyse en die abstrakte beskrywing van taalkategorieë met gebruikmaking van voorbeelde ter toeligting. Chomsky (t.a.p.) se transformasioneel-generatiewe grammatikateorie voer die laasgenoemde metode verder: "Its special purposes are to account for the native speaker's ability to produce, identify and interpret correct sentences in his language; and to yield descriptions which can be rigorously validated or invalidated."

Lubbe (1983:55) beskryf die grammatikale analises van die transformasioneel-generatiewe grammatika as "... die konstruering en toetsing van teorieë omtrent sprekers se geïnternaliseerde taalkennis". Volgens hierdie benadering word reëls wat grammaties-korrekte sinne genereer, beskryf. Dit vorm sodoende 'n teenvoeter vir die meganiese ingesteldheid van die strukturalisme wat op Bloomfield en die behaviorisme se perspektiewe berus. Na aanleiding van Chomsky se onderskeid tussen competence en performance en die beklemtoning deur die transformasioneel-generatiewe grammatika van competence, wat deur Halliday (1978:38) as natuurlike taal in 'n geïdealiseerde vorm beskou word, opper Gumperz (1982:19) die volgende probleem rakende Chomsky se siening: "He does not, ..., deal with the question of how these idealizations could relate to what we observe in actual communities."

2.1.2.2 TAAL AS SOSIOKULTURELE FENOMEEN

Erkenning van die sosiokulturele aspekte wat betrokke is by taalgebruik, is veral toe te skryf aan die antropologiese ondersoeke na verskille tussen onderskeie etniese groepe. Belangrike antropoloë in hierdie verband is, onder andere Boas, Kroeber en Sapir. Om in die antropologie kultuurverskille na te speur, vereis dat die verbale aspekte van 'n etniese groep ook betrek moet word. Skrywers (vergelyk byvoorbeeld Stern, 1983:203) wys daarop dat dit veral te danke is aan antropoloë soos Whorf se bemoeienis met "... the interaction between culture, society and language, or between linguistics and ethnology", dat daar ten spyte van die vroeëre linguistiese denkrigtings (vergelyk par. 2.1.2.1), voortgesette belangstelling behou is in die verbandlegging tussen taalgebruik en sosiokulturele aspekte. Die Britse sosioloog, Bernstein (1971:123), is egter van mening dat Whorf die samevattende rol wat die sosiale struktuur in die kombinasie van taal, denke en kultuur speel, nie voldoende beklemtoon nie. (Vergelyk ook Van Jaarsveld, 1989: 36 oor die verband tussen taal en kultuur.)

Die verreikende invloed van die linguistiese denkrigtings wat taal as 'n outonome entiteit ondersoek het, is in Brittanje veral deur Firth wat die stigter van die Londense Skool van Linguistiek is, teëgewerk. Butler (1985:1, e.v.) doen verskeie redes vir die verskil in denkrigtings aan die hand. Firth assosieer veral met Malinowski se perspektief van die rol wat die gebruikerskonteks in taalondersoek behoort te speel. Halliday (1973:49) beskou die invloed van Malinowski as gesaghebbend in dié opsig dat sy sienswyses "... about what we may call cultural and situational semantics provide an interesting starting point for the study of language and social man, since they encourage us to look at language as a form of behaviour potential". Firth en Bloomfield het albei die betekenis van 'n taaluiting aan die situasionele gebruikerskonteks geheg, maar met die verskil dat dit vir Bloomfield lei tot die verwerping daarvan om die betekenisaspek as onderwerp van bestudering in te sluit by sy taalon-

dersoeke, aangesien hy dit as onwetenskaplik beskou - slegs vorm moet ondersoek word. Butler (1985:3) beskryf Firth se taalsiening soos volg: "... one in which meaning, viewed as the function of a linguistic item in its context of use, ..., and in which one very important type of context was the social context in which an utterance is produced". Halliday et al. (1964:151) beklemtoon hierdie beskouing van Firth in soverre die formele asook kontekstuele betekenisaspekte van taalbeskrywing verantwoord moet word.

Die bestudering van taal binne 'n sosiale struktuur is onder andere deur William Labov (1971; 1972) geëksploiteer. In ondersoeke na die variasie van taal in verskillende sosiale kontekste toon Labov volgens Halliday (1978:2) "... how variation in the linguistic system is functional in expressing variation in social status and roles". Halliday (t.a.p.) wys verder op die ondersoek van Bernstein wat soos volg aandui hoedat die sosiale struktuur of sosiale relasies wat kenmerkend is van 'n spesifieke kultuur, bepaalde linguistiese vorme genereer: "By the everyday acts of meaning, people act out the social structure, affirming their own statuses and roles, ...". Die sosiale struktuur bepaal dus die sosiokulturele kontekste waarin die individu interaksioneel betrokke is. Taal is hiervolgens dus 'n vorm van sosiale gedrag. (Vergelyk ook a.w.:113.)

Halliday (1978:21-22) noem drie taalfunksies wat vir alle menslike kulture geld, naamlik die interpretasie van die werklikheid in en om 'n mens; die uitdrukking van logiese verhoudinge (vergeelyk byvoorbeeld: en, of, as, naamlik ...), asook van gespreksdeelname. Die skrywer (t.a.p.) beklemtoon die volgende: "Language has to do all these things simultaneously, in a way which relates what is being said to the context in which it is being said, both to what has been said before and to the 'context of situation'; in other words, it has to be capable of being organized as relevant discourse, ..."

Hierdie taalfunksies is ingebou in die semantiese sisteme van 'n taal en die grammatiese organisasie daarvan word hierop gebaseer, aangesien 'n taal se grammatika die betekenis enkodeer. Elke individu leer 'n moedertaal in 'n kultuurbepaalde omgewing aan, met ander woorde 'n spesifieke dialek of variëteit van 'n taal. Die kultuur vorm 'n mens se gedragspatrone en hierdie funksie word deur taal verrig (a.w.:23): "The child learns his mother tongue in the context of behavioral settings where the norms of the culture are acted out and enunciated for him, ... he is 'socialized' into the value systems."

Dit spreek dus duidelik dat die taaluitings van 'n spreker, afgesien van die linguistiese kode waarin dit realiseer, ook 'n kultuurspesifieke aard het. Volgens Van Jaarsveld (1989:27, e.v.) omvat misverstande tussen gespreksgenote in 'n intertaalige kommunikatiewe situasie nie slegs die gespreksdeelnemer se kennis van die betrokke taal nie, maar ook verskille op kulturele vlak en wêreldkennis.

2.1.2.3 OPSOMMEND: ONTWIKKELING VAN DIE SOSIOLINGUISTIEK GEBASEER OP DRIE HOOPRIGTINGS

Die drie hoofrigtings waaraan die sosiolinguistiek veral kenmerkende eienskappe ontleen, word volledig deur Stern (1983:218, e.v.) uiteengesit. Die skrywer beskou die drie perspektiewe as komplementêrend van aard.

Eerstens is daar 'n heroriëntering van die algemene linguistiek tot die bestudering van taal binne 'n sosiokulturele konteks. Hierdie sienswyse sluit ten nouste aan by die tweede perspektief, naamlik dat nie slegs die linguistiese vermoë van 'n taalgebruiker inaggeneem word nie, maar ook die kommunikatiewe vermoë: "... changing the focus from an abstract study of language to concrete acts of language use: an 'ethnography of speaking'" (t.a.p.). Die ondersoek van taal handel in die sosiolinguistiek nie hoofsaaklik oor wat 'n spreker weet of kan

weet van 'n taal nie, maar oor wat daarmee gedoen word. Preston (1989:10) som dit soos volg op: "What must be said, to whom, with what tone of voice and how the talk (or silence) of others is to be taken are some of the communicative aspects of language ability, and the field which discovers and analyzes such facts, is the ethnography of speaking (or communication)."

Volgens Halliday (1978:1) is elke taalgebruiker kultuurafhanklik. Die sosiokulturele betekenissisteem realiseer in taal en die individu reageer hierop deur taal - op hierdie wyse enkodeer en dekodeer die taalsisteem en -gebruik dus betekenis. Die funksionele aanwending van taal deur 'n spreker van 'n sekere etniese groep, is in die onderhawige ondersoek ter sake en word algaande in fyner besonderheid bespreek.

Die derde perspektief omvat in hooftrekke die bestudering van taalgemeenskappe en staan ook bekend as die sosiologie van taal of taalsosiologie. Aspekte wat hierdeur betrek word, is onder andere die verwantskap tussen verskillende sosiale groepe met elk 'n spesifieke taal of variasies van 'n taal. Die intellektuele en emosionele oriëntering van taalgebruikers teenoor taalkeuse word ook psigologies verantwoord (vergelyk Stern, 1983:230, e.v.).

Du Plessis (1987:71) is van mening dat tweetaligheid, taalbeplanning en kontakvariasie aspekte is wat deel uitmaak van die taalsosiologie wat op sigself 'n subdissipline vorm. Indien die funksionele taalbenadering van Halliday (vergelyk onder andere 1964; 1978; 1985) egter as uitgangspunt geneem word, is sodanige onderskeid tussen die taalsosiologie en die sociolinguistiek nie van toepassing nie. In hierdie benadering word die taalgebruiker as 'n sosiale wese beskou en "... a general perspective on language ... in which society rather than the individual is at the centre of the picture, ..." (Halliday, 1978:16). Die individu stig, ontwikkel en onderhou verskillende sosiale verhoudinge deur taal. Die sosiale sisteem word deur taal gesimboliseer (a.w.:183) én dit skep op sy beurt taal.

Volgens die skrywer reflekteer dialekte die hiërargie van die sosiale sisteem, terwyl registers die verskeidenheid van sosiale prosesse aandui (a.w.:185, e.v.). Die skrywer (a.w.:2, e.v.) beskou hierdie twee aspekte as verwant: "... what we do is affected by who we are ..." en dus funksioneer die toegang wat 'n individu tot spesifieke registers het as 'n aanduiding van sy plek in die sosiale struktuur en dit is op grond van hierdie perspektief wat die skrywer aspekte soos onder andere standaard-dialekte en houding teenoor tale wil verklaar.

2.1.3 TAAL EN ETNISITEIT

Appel en Muysken (1987:12) omskryf etnisiteit soos volg: "... a group is considered to be an ethnic group with a specific ethnic identity when it is sufficiently distinct from other groups". Steyn (1986:65) beskou "volksgevoel" en "groepsgevoel" as sinoniem met etnisiteit (vergelyk ook Odendal, 1984:197). Die skrywer toon dat lede van 'n etniese groep "... tot 'n afsonderlike, histories gegronde kultuurgemeenskap behoort" en dat etnisiteit in Suid-Afrika in die besonder op ras- en taalonderskeiding berus. Met hierdie stelling word egter nie ontken dat etniese groepering in Suid-Afrika nie 'n variëteit van Afrikaans kan insluit òf dat daar ander variëteite van Standaardafrikaans bestaan nie. Prinsloo (1985:70) vestig die aandag hierop: "The same phenomenon, of Afrikaans being born and changed in the mouths of the people of Africa to suit their needs, also occurs to some extent in our day, in the emergence of a multicultural township dialect used in Soweto and elsewhere ..."

In hierdie verband bespreek Du Plessis (1987:99) die Van der Merwes wat 'n variëteit van Standaardafrikaans as moedertaal besig. Die erkenning van taalvariasie is hiervolgens in belang van 'n taal se voortbestaan.

In my ondersoek is 'n gebruiksvariasie van Standaardafrikaans soos dit deur 'n dosent van Afrikaans aan die Sebokengse Onder-

wyskollege in die onderrig van Afrikaans aan Sothosprekende studente gebruik word, ter sprake. Verwysings na Afrikaans of Afrikaanssprekendes is voortaan, tensy anders vermeld, tot hierdie gebruiksvariasie beperk. Die Sothosprekende studente aan die genoemde onderwyskollege veronderstel die tweede taalonderskeid wat in my studie van belang is. Volgens inligting (dosente van die Departement Afrikatale, persoonlike gesprek) blyk dit dat etnisiteit by swartmense in 'n groot mate op die taaleie gebaseer word.

Aangesien die onderrig van Afrikaans, soos dit in my studie ter sprake kom, op interkulturele kommunikasie dui, is die geleentheid vir misverstand tussen gespreksdeelnemers 'n werklikheid. Van Jaarsveld (1989:39, e.v.) bespreek verskeie kultuurverskille tussen wit en swart kulture in Suid-Afrika en beklemtoon die bestaande onkunde oor wat hierdie kultuurverskille inhou, as 'n groot oorsaak van misverstand. Die skrywer is van mening dat een van die moontlike oplossings vir hierdie probleem sal wees om taal in die onderrigsituasie as 'n refleksie van kultuur te hanteer.

Daar word nie in my ondersoek nagevors oor spesifieke kultuurverskille tussen Afrikaans- en Sothosprekendes nie, daarom word die kulturele faktore wat 'n invloed kan uitoefen op geslaagde kommunikasie slegs betrek waar dit nodig blyk. Die funksionele aanwending van Afrikaans en dus die manier waarop enkele aspekte van die linguistiese sisteem spesifieke semantiese inhoude wat sosiokulturele waarde het, oordra, is in my ondersoek van belang.

2.1.4 SAMEVATTING: DIE ETNOLINGUISTIESE AARD VAN DIE ONDERSOEK

Die begrip etnolinguistiek verwys in hierdie studie na die feit dat taal en kultuur verbind is met mekaar en hierdie interaksionele aard word op onder andere Halliday (1978:198) se

opvatting, dat kultuur as 'n sosiale realiteit in die semantiese, leksiko-grammatiese en fonologiese sisteem van 'n taal reflekteer, gebaseer.

Verder dui 'n etnolinguistiese ondersoek ook op die interkulturele kommunikasie tussen verteenwoordigers van verskillende etniese groepe.

2.2 KODEWISSELING

'n Tweede kwessie wat in hierdie ondersoek van belang is, is kodewisseling. Ook hieroor bestaan daar uiteenlopende opvattinge. Twee sodanige beskouings oor die aard van 'n kode en kodewisseling word vervolgens bespreek om 'n toepaslike begrip vir die onderhawige studie daar te stel.

2.2.1 DIE TRADISIONELE LINGUISTIESE BESKOUING

Eerstens dui kode in die engste sin bloot op leksiko-grammatiese vorme. Kreckel (1981:32) som hierdie sienswyse soos volg op: "It rests upon notion of sameness or difference in terms of referring or describing propositions coded in speech." Hy is verder van mening dat slegs die referensiële funksie van taal in hierdie geval betrek word. Die ondersoek van De Saussure na langue beklemtoon volgens Stern (1983:128) primêr die beskrywing van die kode, 'n formele reëlsisteem, en lewer daarom 'n goeie voorbeeld van so 'n minimale gelykstelling.

'n Groot aantal skrywers beskou egter die linguistiese kode in 'n ruimer sin as net "... a one-to-one relationship between expression and concepts as in the Morse-code ..." (Kreckel, 1981:33). In my ondersoek is hierdie ruimer siening van toepassing.

2.2.2 KODES AS TIPES SOSIALE SEMIOTIEK

Die ruimer opvatting van kode en kodewisseling stem soos weergegee deur, onder andere Bernstein (1971), Halliday (1978) en Kreckel (1981) ten opsigte van die volgende sake ooreen:

2.2.2.1 'n Kind leer tydens sosialisering om betekenis in sy moedertaal te interpreteer en weer te gee. Hierdie proses verleen dus aan 'n kind toegang tot 'n spesifieke kode: "The culture is transmitted to him with the code acting as 'n filter, ..." (Halliday, 1978:111.) Die kode oefen dus beheer uit op die semantiese style van 'n kultuur (vergelyk ook Appel et al., 1977:10).

2.2.2.2 Kodeverskille dui nie net op woord-, sinstruktuur- en uitspraakverskille nie. Halliday (1978:25) is van mening dat die verskillende linguistiese kodes of "... 'fashions of speaking' are sociosemantic in nature; they are patterns of meaning that emerge ..., in particular contexts, ...". Ook Wurm (1979:730) wys daarop dat Halliday die linguistiese variasie wat binne 'n kulturele konteks geïnterpreteer moet word, nie net as variasie op fonologiese en leksiko-grammatiese vlak beskou nie, maar wel as variasie in semantiese style. In hierdie opsig verskil Halliday van die meeste ander ondersoekers met uitsondering van byvoorbeeld Wybenga (1987:58, e.v.).

2.2.3 DIE WISSELING TUSSEN TALE

Volgens Appel et al. (1977; vergelyk ook Wybenga, 1987:7, e.v.) en talle ander skrywers oefen situasionele faktore en die taalgebruikers wat deel vorm van 'n taalgebruikerskonteks 'n invloed uit op taalkeuse. Die verhouding tussen taal en situasie word bestudeer uit die perspektief van verandering: "Als er iets in de situatie veranderd, worden er andere taalvormen gebruikt; die verschijnsel wordt meestal kodewisseling genoemd." (Appel et al., 1977:99.)

Appel en Muysken (1987:118, e.v.) gee vyf funksies van kodewisseling weer, naamlik referensieel, direktief, ekspressief, faties, metalinguisties en poëties. Aangesien taalgebruikers se taalkeuse 'n situasie definieer, kry kodewisseling 'n sosiale betekenis. 'n Taalgebruiker kan egter ook van kode verwissel, omdat die gespreksonderwerp verander, want sekere kodes assosieer met die wisselende formaliteit van die onderwerp. Appel et al. (1977:100) dui byvoorbeeld 'n situasie aan waartydens Engels in saaklike en Spaans in informele gesprekke deur Spaanssprekendes gebruik word.

Die wisseling tussen tale word deur Stubbs (1983:44) saamgevat as hy opmerk: "... how malleable language is and how its form and function change across different cultures and across different social situations within one culture". Gumperz (1982:38, e.v.) dui ook verskeie redes aan waarom kodewisseling plaasvind en in aansluiting by Halliday (1978) kan dit hoofsaaklik as die realisering van die sosiale struktuur beskou word (vergelyk par. 2.1.2.2). Gumperz (a.w.:98) wys op 'n belangrike aspek deur die funksie van kodewisseling te beskou as die aanduiding van kontekstuele inligting, in ooreenstemming met dieselfde funksie wat prosodie byvoorbeeld verrig in 'n eentalige situasie.

Met hierdie ondersoek word beoog om die wisseling van stylregisters op grond van die verandering van gespreksonderwerp en formaliteitsgraad vas te stel. Die funksies van sodanige wisseling moet bepaal word.

2.2.4 DIE WISSELING BINNE EEN TAAL

Die situasionele faktore in 'n taalgebruikerskonteks oefen ook binne 'n taal of variëteit van 'n taal, 'n invloed uit op die taalvorme. In hierdie verband is die hieropvolgende sake van belang.

2.2.4.1 STYL EN REGISTER

Die kategorieë van 'n situasie het gesamentlik 'n uitwerking op die formaliteit daarvan en daarvolgens sal 'n bepaalde taal- en stylkeuse geldig wees. Appel et al. (1977:101) beskou 'n taal as 'n versameling diskrete style, van baie formeel af tot informeel. Styl het betrekking op elke moontlike taalgebruikssituasie, terwyl register die taalgebruik van 'n spesifieke situasie veronderstel. Die skrywer (a.w.) se sienswyse kom dus daarop neer dat styl en register in taalgebruikssituasies saamsnoer - 'n spesifieke register vereis 'n bepaalde styl en verskillende registers kan ook dieselfde styl hê. 'n Vergadering of lesing sal byvoorbeeld gewoonlik albei 'n redelik formele styl hê, aangesien die verhouding tussen die gespreksgenote binne hierdie sfeer dit so bepaal.

Halliday (1978:185) toon dat die verskil tussen registers in die eerste plek semanties van aard is en dit vind vervolgens neerslag op die leksiko-grammatiese en fonologiese vlakke. Du Plessis (1987:19, e.v.) se sienswyse van registers as gebruiksvariasie sluit by dié van Halliday aan. Die onderskeiding wat Appel hierbo getref het, is vir die onderhawige studie noodsaaklik en word vervolgens gehandhaaf.

2.2.4.2 STYLWISSELING

Stylwisseling binne 'n taal of taalvariëteit word na aanleiding van Joos (1967) op 'n formaliteitsgelyskaal van baie formeel af na heel informeel aangedui. 'n Taalgebruikssituasie veronderstel tipiese semantiese patrone ('n register) wat in teks realiseer. Op grond hiervan koester gespreksdeelnemers 'n bepaalde verwagting ten opsigte van 'n gepaste styl soos gegrond op die formaliteitsgraad. 'n Deelnemer wat die taal-in-gebruik egter voldoende beheer, kan stylwisseling toepas deur 'n informele styl te gebruik waar 'n formele styl gewoonlik verwag word. Halliday (1978:156) som dit soos volg op: "... he achieves a foregrounding effect, an effect that may be humorous, or startling, ...

The significant fact is that such variation is meaningful." (Vergelyk ook Wybenga, 1987:62.) Gespreksdeelnemers behoort sodanige wisseling korrek te kan interpreteer. Appel et al. (1977:34) beskou die korrekte interpretasie van hierdie gemerkte taalgebruik as deel van die hoorder se kommunikatiewe vermoë wat kennis van interpretasiereëls insluit.

Gumperz (1982:66) onderskei tussen 'n we/they-code waarvolgens die we-code gepaardgaan met informele aktiwiteite, terwyl die teenoorgestelde they-code, op die taalkeuse vir formele verhoudinge dui. Die terme is van toepassing op 'n etnies-spesifieke minderheidstaal en 'n meerderheidstaal, onderskeidelik. Na my mening kan hierdie interessante beskouing vanuit die volgende perspektief ook van toepassing wees op die onderrig-praktyk wat in my ondersoek ter sprake is.

In die klaskamersituasie, waar Afrikaans aan Sothosprekende studente onderrig word, kan die Afrikaans van die dosent, gegrond op 'n meerderheidsposisie, deur die hoorder as 'n they-code beskou word. Afgesien daarvan dat die situasie dus 'n formele stylregister veronderstel, versterk die feit die Afrikaans in hierdie spesifieke situasie 'n they-code is, die formele formaliteitsgraad. Indien die dosent van kode verwissel deur byvoorbeeld Engels te gebruik, kan laasgenoemde taal wel as 'n we-code beskou word, ten spyte daarvan dat dit nie 'n etnies-spesifieke minderheidstaal is nie. Ek grond my sienswyse daarop dat Engels by die bepaalde onderwyskollege, meer dikwels as Afrikaans in informele situasies gebesig word.

2.2.5 SAMEVATTING

Kodewisseling dui in die onderhawige ondersoek op die wisseling tussen tale. Stylwisseling is volgens Du Plessis (1987:23) een soort kodewisseling en sal dus gebruik word as 'n aanduiding van die wisseling in formaliteitsgraad binne een taal, in hierdie geval Afrikaans.

2.3 DISKOERSANALISE

Beskrywing van taal as 'n abstrakte kode van 'n denkbeeldige, ideale spreker in 'n denkbeeldige homogene taalgemeenskap, soos dit deur die transformasioneel-generatiewe grammatika onder leiding van Chomsky benader is, ondergaan by Hymes (onder andere 1972:269, e.v.) se etnolinguistiek 'n klemverskuiwing, sodat natuurlike taalgebruik in 'n bepaalde situasionele konteks vir taalondersoekers van belang is (vergelyk onder andere Wybenga, 1987:5, e.v.) - dit vorm die basis vir diskoersanalise. Taal word hiermee in 'n funksionele verband gesien. Hierdie funksionalisme moet soos deur Van Jaarsveld (1986:15) genoem, teruggevoer word na Malinowski en Firth.

Butler (1985:1-5) verduidelik dat Malinowski nie die betekenis van 'n uiting bloot as 'n korrelasie tussen woorde en referente benader nie, maar 'n semantiek voorstaan waarin die sin as 'n basiese eenheid in 'n spesifieke situasionele konteks funksioneer. Savignon (1987:13) wys daarop dat Malinowski sy term context of the situation slegs in verband met primitiewe tale gebring het en daarmee die fisiese of konkrete omgewing waarin taal gebruik is, bedoel het. Hierteenoor ontwikkel Firth die betrokke term tot 'n meer abstrakte konsep en beklemtoon die rol van teks in hierdie verband.

Volgens die skrywer (t.a.p.) reflekteer Hymes se belangstelling in die werklikheidsomgewing van taalhandeling grotendeels die invloed van Malinowski, terwyl Halliday se werk, wat deur Butler (a.w.:1) as die modernste funksionele taalbenadering beskou word, die abstrakte linguistiese teorie van Firth tot 'n nog hoër vlak voer, sodat die situasies waarin taalgebruik plaasvind, as situasietipes of semiotiese strukture beskryf word (vergelyk par. 2.3.3.1).

Halliday (1978:112, e.v.) toon dat die begrip funksie nie net op verskillende gebruike van taal betrekking het nie, maar dat dit op die onderskeie funksionele komponente van die semantiese

sisteem, wat sistematies in verband met die grammatiese struktuur en die sosiale gebruikskonteks van 'n taal gebring word, dui. Butler (1985:75) som hierdie sienswyse soos volg op: "'Function' has now become quite distinct from 'use', all uses of language being mediated via the functional components ...". Ook Gumperz et al. (1982:29) is van mening dat funksies nie as 'n ooglopende gegewe in teks voorkom nie, maar "... they are expressed through prosody and the syntactic and lexical choices ...".

Die benaderings van Halliday en Hymes sluit wel aan by mekaar, maar verskil ook in dié opsig dat Halliday 'n veel hoër premie op die sprekersintensie plaas. Hoewel Hymes (1974:52, e.v.) as die vader van die etnolinguistiese diskoersanalise beskou moet word, is sy werk deur Halliday (onder andere 1978) se benadering verfyn en aangepas. Dit gaan immers om taal as 'n intensionale kommunikasiemiddel eerder as 'n bereëlde sisteem (Wybenga, persoonlike gesprek; vergelyk ook Gumperz en Cook-Gumperz, 1982:19).

Volgens Halliday (1978:191-192) moet taal nie as 'n stel reëls nie, maar as 'n betekenisbron beskou word: "In the microsemiotic encounters of daily life, we find people making creative use of their resources of meaning, and continuously modifying these resources in the process." Die interpretasie van taalgebruik vereis hiervolgens nie soseer struktuur as 'n organisatoriese konsep van taal nie, want dit veronderstel taalbeskrywing gegrond op reëls. Die sisteemkonsep is eerder van toepassing, want ons "... represent language as a resource, in terms of the choices that are available, the interconnection of these choices and the conditions affecting access" (t.a.p.; vergelyk ook Gumperz, 1982:159, Wybenga, 1987:58, e.v.). Die onderhawige ondersoek vind aansluiting by die beskouing van taal as 'n sisteem en daarom moet die realisering van betekenis in 'n grammatiese sisteem ondersoek word.

Vervolgens word die verwante aspekte van 'n diskoers en die tersaaklike elemente van 'n analise daarvan, ondersoek. Nie alle aspekte word ewe breedvoerig bespreek nie, maar wel daardie sake wat vir hierdie studie noodsaaklik is.

2.3.1 DISKOERS EN TEKS

Stubbs (1983:9, e.v.) bespreek 'n verskeidenheid uiteenlopende omskrywings van die begrippe **diskoers** en **teks** soos wat dit deur verskillende skrywers benader word (vergelyk ook Couper-Kuhlen, 1986:188). Met hierdie kort opmerking word, wat die genoemde dispuut betref, in my studie volstaan. Die begrip **diskoers** sal in hierdie ondersoek doodgewoon betrekking hê op gesproke taalgebruik as 'n kommunikatiewe eenheid binne 'n spesifieke situasie.

Diskoersanalise veronderstel die analise van teks. Halliday (1978:109) beskou teks nie as 'n samestelling van sinne nie, maar as 'n semantiese eenheid wat in sinne geënkodeer word. Teks is dus 'n proses wat in 'n spesifieke situasionele omgewing in grammatika realiseer (vergelyk par. 2.3.3.1). Aangesien teks dus 'n proses en nie 'n statiese gegewe is nie, word die term deur Halliday (1985:xxiii) met 'n abstrakte massanaamwoord aangedui as **teks** en nie 'n **teks** nie. Die verband tussen teks en die situasionele faktore word hieronder breedvoeriger uiteengesit (vergelyk par. 2.3.3).

2.3.2 DISKOERSANALISE: 'N TERREINAFBAKENING

Op grond van die funksionele taalbenadering wat deur diskoersanalise voorgestaan word, betrek die ondersoekterrein daarvan 'n verskeidenheid rigtings in die taalkunde, onder andere onderskeibare semantiese en pragmatiese terreine. Van Jaarsveld (1986:26) se bespreking lewer bewys hiervan (vergelyk ook Gumperz, 1982:154; Gumperz en Cook-Gumperz, 1982:16).

Die terreinafbakening van diskoersanalise word vervolgens oorhoofs gebaseer op die moontlike doelstellings daarvan.

2.3.2.1 Brown (1987:205) se omskrywing van die sodanige doelstellings sluit aan by die stelling dat die ontleding van taalfunksies meer as net die interpretasie van geïsoleerde sinne behels en hierdie feit is gegrond daarop dat die sosiale konteks, die sinsinterne en -eksterne verbintenisse in diskoers, deel uitmaak van die gesproke kommunikatiewe eenheid. Van Jaarsveld (1986:26) sluit met sy sienswyse dat taal in diskoersanalise nie net as aksie nie, maar wel as interaksie beskou moet word, by die vorige mening aan (vergelyk ook Gumperz en Cook-Gumperz, 1982:17).

Brown (t.a.p.) som die belangrikste aspekte van diskoersanalise soos volg op: "The surface structure of a sentence in the context of total discourse, in conjunction with its prosodic features (stress, intonation and other phonological nuances) and its non-verbal features ..., determine the actual interpretation of that single sentence." Soos die ooreenstemmende beskouings van Brown (a.w.), Wybenga (1987:6, e.v.) en talle ander skrywers in hierdie verband, wys ook Stubbs (1983:15) op die interaktiewe aard van taalgebruik: "Connected discourse is clearly not random. People are quite able to distinguish between a random list of sentences and a coherent text, and it is the principles which underlie this recognition of coherence which are the topic of study for discourse analysts."

'n Spreker wat 'n taal magtig is se kommunikatiewe vermoë daarin, is volgens Savignon (1983:40) altyd relatief. Geen taalgebruiker praat 'n taal perfek of is te alle tye van pas nie, maar gebruik eerder die kennis wat hy het en "... the contexts ... [he has] experienced, to get ... [his] message across". Die term kommunikatiewe vermoë word met Hymes geassosieer, maar Halliday (1978:37, e.v.) vind die verwysing na vermoë steurend, aangesien dit weer 'n geïdealiseerde vorm van linguistiese en sosiolinguistiese vermoëns beklemtoon. Die

skrywer (a.w.:38) is van mening dat 'n onderskeid tussen wat 'n spreker weet en wat gedoen word met sodanige linguistiese kennis, verplaas moet word deur bloot ondersoek in te stel na wat met taal gedóén word. Die waarneembare gebruik van taal is die realisering van die spreker se potensiaal: "... the background to what he does is what he could do - a potential, which is objective, not a competence, which is subjective". Die onderskeid wat in dieselfde trant deur 'n aantal skrywers getref word tussen linguistiese, pragmatiese en sosiale vermoëns, soos deur Van Jaarsveld (1989:3) aangedui, asook Savignon (1983:35-46) se vierdelige onderskeiding, kan dus ook as onnodig beskou word vir diskoersanalise. Vergelyk in hierdie opsig ook Gumperz en Cook-Gumperz (1982:17):

"In dealing with conversational exchanges we do not and need not treat the psychological issue of what an individual has in mind, but rather focus on how intent is interpreted by ordinary listeners in a particular context. We assume such interpretation is a function of (a) listeners' linguistic knowledge, (b) contextual presuppositions informed by certain cues, and (c) background information brought to bear on the interpretation."

Dit wat psigolinguisties bepaal is, is daarom nie in my ondersoek ter sake nie, eerder dit wat met taal as sosiale interaksie gedoen word om intensie oor te dra.

2.3.2.2 Volgens Gumperz en Cook-Gumperz (1982:19) behoort 'n analise van gesproke taalgebruik gelyktydig vanuit drie perspektiewe te geskied.

Eerstens moet werklike natuurlike taalgebruik ondersoek word, "... focussing on recurrent speech and accentuation patterns that can be shown to reflect relevant aspects of communicative history".

Tweedens behoort die interaktiewe meganismes waardeur gespreksdeelnemers gesamentlik onderhandel en interpreteer, bestudeer te word. Indien hierdie meganismes nie korreleer nie, misluk kommunikasie.

Die derde perspektief behels evaluering in die opsig dat bepaal word hoe deelnemers respektiewelik die sosiale aktiwiteit wat deur 'n diskoers gestig word, hanteer: "This can be done indirectly in the course of the interaction through formulating utterances, narrative evaluations, topic shifting or ways of marking context."

Die skrywer (t.a.p.) beveel 'n werkswyse aan waarmee in plaas van "... writing rules or attempting to set standards of appropriateness, we look for fit among the three types [vergelyk die vorige drie paragrawe] of analysis, ...". Hierdeur word bepaal in hoe 'n mate die verwagtinge wat volgens die derde perspektief (vergelyk die vorige paragraaf) gegenereer is, bekragtig of verontagsaam is volgens wat op die twee voorafgaande vlakke plaasvind.

2.3.2.3 Halliday (1985:xv) bespreek twee benaderingswyses van diskoersanalise.

Die analise moet in die eerste plek daarop gerig wees om teks te verstaan. Dit stel 'n mens in staat "... to show how, and why, the text means what it does. In the process, there are likely to be revealed multiple meanings, alternatives, ambiguities metaphors and so on". Dit is 'n laer analisevlak.

Die tweede tipe analise is op 'n hoër vlak en gerig op die evaluering van teks se geslaagdheid al dan nie. Die situasionele dimensies wat in teks realiseer, se kenmerke word sistematies in verband met die linguistiese tekskenmerke gebring.

Die laasgenoemde soort analise toon ooreenkomste met Gumperz se benaderingswyse (vergelyk par. 2.3.2.2) en is die strewe van die onderhawige studie. Die belangrikste aspekte van diskoers in hierdie verband, moet gevolglik bespreek word.

2.3.3 DISKOERSORGANISASIE

Diskoers bestaan uit onderskeibare elemente waarmee die kommunikatiewe funksie van taal as 'n eenheid vervul word.

2.3.3.1 TEKS EN SITUASIE

Volgens Halliday (1978:141) skep die sosiale struktuur betekenis wat deur die lede daarvan in die vorm van teks uitgeruil word. Teks is dus die primêre kanaal waardeur kultuur oorgedra word: "It provides the means of acting on and reflecting on the environment, ... creating the environment and transmitting it from one generation to the next." (Aksentuering deur M.A.K. Halliday.)

Gumperz en Cook-Gumperz (1982:11-12) beskou die realisering van kommunikatiewe take (d.i. 'n semantiese konsep wat op semantiese verbintenisse tussen komponente van taaluitings dui) as sosiale interaksie onderworpe aan kulturele variasie. Daardie variasie moet in 'n diskoersanalise in berekening gebring word en is ontleedbaar vanuit drie perspektiewe:

verskillende aanvaarde kultuurspesifieke norme met betrekking tot die situasie, asook handeling en intensies wat daarby pas;

verskillende kultuurgebonde wyses waarop informasie of argumente in 'n diskoers gestruktureer word;

verskillende maniere van praat: "... the use of a different set of unconscious linguistic conventions (such as tone of voice) to emphasize, to signal logical connections and to indicate the significance of what is being said in terms of overall meaning and attitudes" (a.w.:12).

Die bostaande aanhaling dui op die werklike linguistiese cues (voortaan: aanwysers) waarmee relevante inligting ten opsigte van die eerste twee perspektiewe oorgedra word. Die skrywers (a.w.:13) som hierdie aspek soos volg op: "This level includes grammar and lexicon as well as prosody, pausing, idioms, and other formulaic utterances." Tersaaklike aspekte in hierdie verband word in die volgende afdelings van my studie breedvoeriger ondersoek.

Die essensiële kenmerk van teks is dus dat dit interaksie impliseer. Teks weerspieël, soos Halliday (1978:141) dit aandui, sosiale betekenis in 'n spesifieke situasionele konteks en daarom word 'n situasie "... embodied or enshrined in the text, not piecemeal, but in a way which reflects the systematic relation between the semantic structure and the social environment". Op grond hiervan is taalvariasie 'n simboliese uitdrukking van variasie in 'n gemeenskap sodat dialekte die diversiteit van sosiale struktuur uitdruk en registervariasie dié van sosiale prosesse (a.w.:186). Vergelyk ook in hierdie verband Du Plessis (1987:18, e.v.) se onderskeid tussen "gebruikersvariëteite" en "gebruiksvariasie".

Hoe verbind die linguistiese en sosiale sisteme met mekaar? Volgens Halliday (1978:32, e.v.;142) moet vasgestel word watter omgewingskenmerke waarin taalgebruik plaasvind, spesifieke keuses uit die linguistiese sisteem afdwing. Watter semantiese konfigurasies word tipies geassosieer met 'n bepaalde situasietipe?

Verskeie taalondersoekers, soos onder andere Hymes (1974:52, e.v.) en Appel et al. (1977:48) onderskei tussen afsonderlike situasionele komponente wat tesame die sosiale konteks van taalgebruik veronderstel. Halliday (1978:61) beskou sodanige indelings as problematies in soverre dit moeilik vasstelbaar is watter teoretiese status aan daardie komponente in verhouding tot teks, toegeken moet word.

Die skrywer wys (t.a.p.) daarop dat Hymes se insluiting van vorm en inhoud (dieselfde opmerking geld ook ten opsigte van Appel) as 'n komponent suggereer dat teks, wat eintlik deur die situasietipe gegeneer word, nou deel uitmaak van die sosiale konteks of situasie. Volgens Halliday (a.w.:110; vergelyk ook Wybenga, 1987:7, e.v.) bestaan die sosiale konteks uit algemene situasionele dimensies wat gesamentlik as tekstdeterminante funksioneer "... in that they specify the semantic configurations [register] that the speaker will typically fashion in contexts of the given type".

Op grond hiervan struktureer Halliday (a.w.:62) voorts 'n konseptuele raamwerk bestaande uit drie diskoerskategorieë (semiotiese eienskappe), naamlik field of discourse (diskoerssfeer), tenor of discourse (diskoersstrekking) en mode of discourse (diskoersmodus), as verteenwoordigend van 'n sosiale konteks of semiotiese omgewing waarin gespreksdeelnemers betekenis uitruil.

Indien 'n deelnemer kennis dra van die genoemde semiotiese konteksdimensies, behoort korrekte voorspellings aangaande die semantiese tekseienskappe wat daarmee saamhang gewaag te kan word - dié eienskappe (die register) aktualiseer in teks, wat vervolgens in sinne geënkodeer word (a.w.:110,123). Gumperz et al. (1982:29) raak dieselfde aspek aan met die sienswyse dat 'n taaluiting gekontekstualiseer moet word en dat sodanige informasie op 'n wyse oorgedra moet word wat aan gespreksdeelnemers se doelwitte en verwagtinge voldoen:

"We are talking about what linguists call discourse functions, and we are suggesting that these functions inhere in text, i.e. are not 'given' in the text; they are expressed through prosody and the syntactic and lexical choices ..."

Vervolgens word Halliday (onder andere 1978) se beskouing van die taalsisteem as 'n funksioneel-georganiseerde konsep oorhoofs bespreek. Drie aspekte word aangetoon, naamlik:

die sosiale konteks waarin taalgebruik situeer;

die semantiese sisteem;

die grammatiese strukture waarin die semantiese funksionele komponente tipies realiseer.

2.3.3.1.1 SOSIALE KONTEKS OF SITUASIE

Hierdie saak is reeds (vergelyk par. 2.3.3.1) in breë trekke behandel. Dit is egter nodig om die situasionele kategorieë verder te omskryf.

Die diskoerssfeer is gebaseer (a.w.:221) op die feit dat taal op grond van die tipe sosiale handeling wat plaasvind, varieer. Verskillende kontekste veronderstel verskillende woorde en grammatiese patrone, aangesien elke afsonderlike sosiale handeling verskillende betekenisse kan uitdruk: "All we need to add to this, in order to clarify the notion of register, is that the 'meanings' that are involved ... are part of the expression of what we are doing." Een aspek van die diskoerssfeer is dus die gespreksonderwerp - gesprekke oor verskillende sake veronderstel gebruiklik verskillende woordgebruike (vergelyk ook Wybenga, 1987:1).

Die gespreksonderwerp is egter deel van die groter handeling waarin taal 'n rol speel. Daarom sal die diskoerssfeer: "aanbied van 'n lesing", sekere linguistiese kenmerke vooruitsien. Indien die sosiale handeling egter van onderrig

verander na byvoorbeeld: "evaluering van 'n lesing", sal die linguistiese vorme in gebruik steeds die sfeer van 'n lesing reflekteer, maar met ander grammatiese keuses wat by die handeling pas.

Die diskoerssfeer is dus 'n meer algemene konsep as bloot die gespreksonderwerp, want dit akkommodeer verskillende handelinge binne een sfeer. Soos Halliday (a.w.:222) aandui, is die diskoerssfeer 'n meer effektiewe konsep, want binne 'n sosiale handeling van byvoorbeeld: "koop-en-verkoop" kan die gespreksonderwerp verander tot uitvraery oor die weersomstandighede, maar dié onderwerp sal steeds deel wees van 'n "koop-en-verkoop" strategie.

Die tweede situasionele kategorie, **diskoersstrekking**, veronderstel taal wat varieer na aanleiding van byvoorbeeld, die formaliteitsgraad en tegnisiiteitsvlak soos gebaseer op die rolverwantskap tussen die verskillende gespreksdeelnemers: wie neem aan die gesprek deel en in watter verhouding staan die gespreksdeelnemers tot mekaar? Verwantskappe soos, onder andere onderwyser-leerling, word deur die skrywer (t.a.p.) beskou as "... institutionalized role relationships and hence as stabilized patterns of the tenor of discourse". 'n Onderwyser-leerling rolverwantskap behoort na my mening 'n hoë formaliteitsgraad af te dwing, indien die diskoerssfeer dit toelaat (vergeelyk ook Stubbs, 1983:45).

Die **diskoersmodus** veronderstel taalvariasie soos gegrond op 'n spesifieke retoriese kanaalkeuse. Hierdie keuse moet voldoen aan die eise van die funksie wat taal in die situasie verrig. Halliday (t.a.p.) wys daarop dat 'n onderwyser byvoorbeeld 'n didaktiese, 'n kommersiële, 'n imperatiewe of watter modus ook al kan kies.

Die onderskeiding tussen spreek- en skryftaal is fundamenteel ten opsigte van die diskoersmodus. Alhoewel sommige van die modi op albei maniere kan realiseer, neem dit verskillende vorme aan, want die twee onderskeidings verrig verskillende taalfunk-

sies. (Vergelyk onder andere Wybenga, 1987:28 vir verskille tussen spreek- en skryftaal.)

Die diskoersmodus word bepaal deur die doel van taalaanwending. Taal kan byvoorbeeld die doel hê om te troos of te verduidelik, of wat ook al. Halliday (a.w.:223) meld dat taal ook die doel kan hê "... to oil the works, as in what Malinowski called 'phatic communion', ..." - die voorbeeld van geselsies oor die weer tydens 'n kooptransaksie (vergelyk die bespreking oor die diskoerssfeer) moet volgens Halliday as 'n metode wat die situasie aanhelp, beskou word. Die skrywer lig die verduideliking verder toe deur aan te toon dat die speel van brug, met taal as deel van die handeling, pragmatiese uitdrukkings met betrekking tot die speelhandeling sal genereer, terwyl 'n gesprek oor brug byvoorbeeld 'n didaktiese of informatiewe retoriese diskoersmodus sal bewerkstellig.

2.3.3.1.2 FUNKSIONELE KOMPONENTE VAN DIE SEMANTIESE SISTEEM

Taal kan in verhouding tot die sosiale sisteem as 'n betekenisbron beskou word. Halliday (a.w.:187) toon aan dat taal as 'n koderingsisteem op drie vlakke funksioneer, naamlik inhoud, vorm en uitdrukking (semanties, leksiko-grammaties en fonologies). Volgens die skrywer weerspieël die semantiese sisteem en die realisering daarvan 'n interne organisasie "... in which the social functions of language are clearly reflected".

Die drie funksionele semantiese komponente is die ideasionele (die ervaringsaspek en die logiese), die interpersoonlike en die tekstuele komponent. 'n Onderskeid tussen funksionele taalgebruik en gebruike van taal is reeds getref (vergelyk par. 2.3). Halliday (a.w.:112) antwoord self op die vraag na die rol van die funksionele komponente, soos volg: "They are the modes of meaning that are present in every use of language in every social context. A text is a product of all three; it is a polyphonic composition in which different semantic melodies are

interwoven, to be realized as integrated lexicogrammatical structures."

Die ideasionele komponent wys op 'n spreker se betekenispotensiaal as 'n observer (waarnemer). Dit het betrekking op die inhoudsfunksie van taal. Deur hierdie komponent enkodeer 'n taal die kulturele ervarings "... and the speaker encodes his own individual experience as 'n member of the culture" (t.a.p.). Omgewingsfaktore soos klasse van sake (voorwerpe, persone, e.d.m.), kwaliteit, tyd, plek (vergelyk ook a.w.:143) van die wêreld in en om die indiwidu word deur hierdie funksie verteenwoordig.

Die interpersoonlike komponent omvat 'n spreker se betekenispotensiaal as 'n intruder (indringer). Dit behels die deelnemende funksie van taal (taal as handeling). Deur hierdie komponent dring 'n spreker 'n situasie binne deur eie houdings en oordele uit te druk òf deur ander deelnemers se houdings en oordele te beïnvloed. Dit druk die situasietipiese rolverwantskap uit wat verwantskappe soos deur taal self gedefinieer insluit, byvoorbeeld vraesteller-respondent.

Die tekstuele komponent veronderstel volgens Halliday (t.a.p.) 'n spreker se teksvormende potensiaal en maak taal relevant. Hierdie komponent voorsien tekstuur, dít wat die verskil beteken tussen kontekslose taal en taal in 'n sosiale konteks - die verhouding tussen taal en die omgewing van gebruik, verbaal sowel as nie-verbaal. Die skrywer (a.w.:130-131) som dit soos volg op: "... language can effectively express ideational and interpersonal meanings only because it can create text. Text is language in operation; and the textual component embodies the semantic systems by means of which text is created."

2.3.3.1.3 FUNKSIONELE KOMPONENTE EN GRAMMATIKA

Hierdie aspek word breedvoerig deur Halliday (1978) bespreek en ook toegepas (vergelyk Halliday, 1985). In hierdie ondersoek word slegs enkele aspekte van prosodie ontleed en wel ten opsigte van die Afrikaanse grammatiese sisteem. Daarom word Halliday se uiteensetting, wat op die Engelse grammatika van toepassing is, nie in besonderhede weergegee nie. Daar word slegs 'n opsomming deur die skrywer (1978:188) aangehaal om die belangrike sistematiese verbintenis tussen die semantiese komponente en die grammatiese struktuur aan te toon. Hierdie basiese verbintenis word wel in die Afrikaans grammatika gereflekteer.

Semantiese komponent	Grammatiese struktuur waardeur tipies gerealiseer
1. ideasionele	
(a) ervaringsaspek	konstituent (segmentaal)
(b) logiese aspek	rekursiwiteit
2. interpersoonlike	prosodie
3. tekstuele	kulminasie

Volgens Halliday (a.w.:113) realiseer die komponente as netwerke van moontlik opsies. Hierdeur word die ideasionele funksie byvoorbeeld in die clause deur transitiwiteit verteenwoordig, terwyl die interpersoonlike aspek deur wyse en modaliteit en die tekstuele deur 'n stel sisteme, wat gesamentlik onder tema ressorteer, gerealiseer: "Hence the functional organization of meaning in language is built in to the core of the linguistic system, as the most general organizing principle of the lexicogrammatical stratum."

Voorts bespreek die skrywer (a.w.:189) ook die situasionele dimensies se invloed op die semantiese sisteem. Dit kom hoofsaaklik op die volgende neer:

Dimensie van die sosiale konteks	Funksioneel-semantiese komponent
1. diskoerssfeer (sosiale proses)	ideasioneel
2. diskoersstrekking (sosiale verwantskap)	interpersoonlik
3. diskoersmodus (simboliese modus)	tekstueel

Die simboliese aktiwiteit (diskoerssfeer) bepaal betekenis as inhoud - taal in 'n waarnemersfunksie (ideasioneel); die diskoersstrekking bepaal betekenis as deelname - taal in die indringersfunksie (interpersoonlik) en die diskoersmodus bepaal betekenis as tekstuur - taal as relevant ten opsigte van die omgewing (tekstueel). (Vergelyk a.w.:117; 123.) Die situasionele dimensies aktiveer dus die semantiese keuses van die spreker. Dit is op grond van hierdie proses dat gespreksdeelnemers tipiese semantiese konfigurasies (register) kan vooronderstel.

Laastens word die situasionele komponente se linguistiese konsekwensies toegelig (a.w.:223, e.v.). Die diskoerssfeer wat hoofsaaklik die inhoud van 'n diskoers bepaal, reflekteer in die woordeskatkeuse en grammatikale patrone waarmee die wêreld om en in 'n mens weergegee word: "... the types of process, the classes of object, qualities and quantities, abstract relations ..." (a.w.:223).

Diskoersstrekking verwys na deelnemers aan 'n gesprek en beïnvloed 'n spreker se keuse van wyse (die maak van stellings, die stel van vrae, ...) en modaliteit (bepaling van uitings se geldigheid). Dit bepaal ook die toonaard waarin bewerings gemaak word (sterk, huiwerig, ...) en die houdings en gevoelens wat uitgedruk word.


Die diskoersmodus omvat die kommunikasiekanaal asook 'n spesifieke retoriese modus. Hiervolgens word die manier waarop taal samehangend funksioneer (tekstuur) "... including both the internal organization of each sentence as a thematic construct and the cohesive relations linking one sentence with another" (t.a.p.), veronderstel.

Die skrywer (a.w.:224) beklemtoon die noue verband tussen diskoersstrekking en -modus. Hierdie interaksie is 'n belangrike aspek in my ondersoek, want dit betrek die formaliteitsgraad van 'n gespreksdeelnemer se interaksie "... and hence lead[s] him to prefer certain words over others and to pitch his discourse at a certain point on the 'style scale'". Die drie situasionele dimensies funksioneer in elk geval as 'n geheel sodat die linguistiese konsekwensies daarvan interafhanklik is.

2.3.4 SAMEVATTING

In die lig van die voorafgaande bespreking van Halliday en ander skrywers se opvatting oor diskoersanalise, maak ek vervolgens 'n vereenvoudigde weergawe van hoofsaaklik Halliday se benadering en vul dit soos toepaslik aan met Wybenga (1987:7, e.v.) asook Coulthard en Montgomery (1981:31, e.v.) om 'n bruikbare model vir die doeleindes van my studie te skep.

FIGUUR 2
'N ALGEMENE DISKOERSMODEL



2.4 DISKOERSSTRATEGIEË

Van Jaarsveld (1986:33) konstateer dat daar in Suid-Afrika nog nie baie aandag aan gesprekstruktuur geskenk is nie en wys op enkele ondersoeke in dié verband, naamlik Wybenga (1981) en Van der Riet (1984). Daar is wel heelwat aspekte rakende gesprekstrategieë wat 'n gespreksdeelnemer toepas om intensie te kommunikeer, op afsonderlike uitings van toepassing gemaak. Die ontleding van volle Afrikaanse diskoerse met betrekking tot die strategiese aanwending van taalmiddele is skaars. Die omvattende ondersoek deur Van Jaarsveld (1989) is egter 'n indrukwekkende poging om die genoemde leemte in Suid-Afrika te vul. Enkele voorbeelde verskyn ook in Van Jaarsveld (1982), Wybenga (1987:20) en Van der Riet (1984).

2.4.1 ALGEMENE OPVATTINGS VAN DISKOERSSTRATEGIEË

Die opvattings in twee belangrike geraadpleegde bronne rakende hierdie aspek word vervolgens uiteengesit.

2.4.1.1 GUMPERZ

"The effectiveness of the strategies that speakers adopt in their efforts to create involvement and to co-operate in the joint development of specific themes depends on their control over a range of communicative options and on their knowledge of the signalling potential that these options have in alluding to shared history, values and mutual obligations. This means that the ability to use linguistic variables, to shift among locally current codes or styles, to select suitable phonetic variants, or prosodic or formulaic options, must form an integral part of a speaker's communicative competence." (Gumperz, 1982:206.)

Gespreksdeelnemers gebruik verskillende strategieë om intensie oor te dra. Interaksie veronderstel dus dat die deelnemers koöperatief ingestel moet wees en in die verloop van die diskoers word die sprekersintensie tot stand gebring.

Volgens die skrywers (Gumperz en Cook-Gumperz, 1982:17-18) dui die samewerking tussen gespreksdeelnemers nie net op kommunikasie deur woorde in 'n letterlike hoedanigheid te gebruik nie, maar ook op "... construction across time of negotiated and situationally specific conventions for the interpretation of discourse tasks as well as the speaker's and listener's knowledge of how to conduct and interpret live performances". Gedeelde verwagtinge word deur kontekstualiseringsaanwysers wat konvensioneel van aard is, oorgedra.

Hierdie kontekstualiseringskonvensies word verwerf deur aktiewe deelname aan interaksies binne spesifieke verwantskapsnetwerke en wanneer "... these networks differ, as they do in ethnically mixed settings, conventions differ and communication can break down" (a.w.:18). Omdat 'n groot gedeelte van die interpretasie van die sprekersintensie dus op kultuurspesifieke konvensies berus, is betekenis dikwels indirek en implisiet in diskoers teenwoordig. Interkulturele kommunikasie vereis daarom van gespreksdeelnemers 'n bepaalde kommunikatiewe buigsaamheid. Hiermee bedoel die skrywers "... an ability to adapt strategies to the audience ..., so that participants are able to monitor and understand at least some of each other's meaning" (a.w.:14). Sprekersintensie moet dus onderhandel word.

Gumperz et al. (a.w.:30) wys op verskillende meganismes waarmee intensie oorgedra kan word. Afgesien van die leksiko-grammatiese elemente, speel prosodiese, paralinguistiese en nie-verbale aspekte ook 'n betekenisdraende rol in die interaksionele proses. 'n Spreker oefen voortdurend keuses uit ten opsigte van al die linguistiese middele tot sy beskikking. Verskillende etniese groepe kan uiteenlopende konvensies handhaaf oor byvoorbeeld die aanwending van prosodie vir die oordra van intensie. Misverstand kan op grond hiervan maklik tydens interkulturele kommunikasie voorkom. Dit spreek dus vanself dat die geslaagde aanwending van gesprekstrategieë, behalwe linguistiese kennis, ook kultuurspesifieke kennis vereis.

Die gebruik van prosodie as 'n strategiese middel om sprekersintensie effektief oor te dra, word ook soos byvoorbeeld kode- en stylwisseling, asook keuses uit die leksikale en sintaktiese moontlikhede, gespreksformules, gespreksopening en -afsluiting, as 'n kontekstualiseringsaanwyser beskou. Die betekenis wat hierdie aanwysers oordra is implisiet deel van die interaksie en hulle "... signalling value depends on the participants' tacit awareness of their meaningfulness" (Gumperz, 1982:131-132). 'n Gespreksdeelnemer wat onkundig is oor hoe 'n spesifieke etniese groep hierdie aanwysers gebruik, se interpretasie van 'n uiting

òf toepassing van die aanwysers in die betrokke taal, kan algeheel misluk.

Gumperz se bespreking van die strategiese aanwending van veral prosodie word in paragraaf 2.5 breedvoeriger hanteer.

2.4.1.2 VAN JAARSVELD

Die skrywer bespreek gesprekstrategieë as deel van 'n misverstandmodel (1989:29, e.v.) en wys daarop "... dat die fyn nuanses van taal as gevolg van die [nie-linguistiese] strategieë verlore kan gaan en ongewenste gespreksimplikasies tot gevolg kan hê" (a.w.:35). Twee soorte gesprekstrategieë word bespreek.

Eerstens word strategieë wat sprekers aanwend met bepaalde doelwitte voor oë, uitgelig. Dit betrek onder andere beurtwisselingstrategieë, gespreksopeningstrategieë en dies meer. Die tweede groep strategieë wat uiteengesit word, is van belang vir intertalige kommunikasie.

Die ondersoekterrein van Van Jaarsveld en die onderhawige studie beklemtoon verskillende aspekte van diskoers en daarom sal slegs enkele insigte wat deur die skrywer (a.w.) bespreek word, op my ondersoek van toepassing wees.

2.4.2 SAMEVATTING: VERBESONDERING VAN DISKOERSSTRATEGIEË

Die funksionele aard van diskoersstrategieë, na aanleiding van 'n diskoersanalise-model (vergelyk figuur 4), is vir hierdie studie van belang en word vervolgens kortliks uiteengesit.

Onder strategieë word daardie metodes wat 'n spreker gebruik om sy intensie aan die hoorder mee te deel, verstaan. In die lig van die uiteensetting in die analise-model is dit dus die wyse waarop die spreker deur middel van 'n bepaalde gesitueerde

handeling en met gebruikmaking van spesifieke linguistiese middele, die betekenisinhoud van sy boodskap deur 'n kanaal kommunikeer.

Prakties gesproke is dit die dosent wat binne 'n klaskamer-situasie aan die studente 'n lesing aanbied en leksiko-grammatiese, fonologiese, paralinguistiese en nie-verbale elemente benut om 'n boodskap oor te dra.

Daar moet bepaal word watter betekenis deur die situasionele dimensies gegenereer word en watter strategieë die gespreksdeelnemers aanwend om hierdie betekenis binne die diskoers te akkommodeer. Vrae van die hieropvolgende aard kan van toepassing gemaak word.

Hoedanig word intonasie en kode- en stylwisseling strategies aangewend om die interpersoonlike betekenisaspek oor te dra? Watter rol speel intonasie ten opsigte van kode- en stylwisseling? Wend die spreker strategieë aan wat die interkulturele aard van die kommunikasie as 'n moontlikheid vir misverstand in agneem (met ander woorde, openbaar die spreker kommunikatiewe buigzaamheid)? In watter opsig speel prosodie 'n rol as die aanwyser van hoof- en newehandeling in die betrokke diskoers? Watter strategieë wend die spreker aan om die rolverwantskap te behou?

Op hierdie vrae kan sekerlik nog uitgebrei word, maar dit behoort 'n voorlopige aanduiding te gee van die strategieë wat in die diskoersanalise (vergelyk hoofstuk 3) ondersoek moet word.

2.5 PROSODIE

Taalondersoekers binne die tradisie van die Amerikaanse strukturalisme verkies die term **suprasegmentaal** eerder as prosodie, om daarmee na die nie-segmentale spraakkomponente te verwys. Die meeste linguiste wat binne die Britse tradisie

werk, gebruik egter die term prosodie (vergelyk Couper-Kuhlen, 1986:2). Daar word in die huidige ondersoek nie dieper ingegaan op die genoemde verskil nie en die term prosodie soos hierbo aangetoon, word gehandhaaf.

2.5.1 NIE-SEGMENTALE SPRAAKKOMPONENTE

Hierdie komponente word deur die skrywer (a.w.:3) in drie groepe verdeel, naamlik paralinguistiese effekte, die nie-linguistiese verskynsels en prosodie.

Prosodie word konstant en sistematies deur gespreksdeelnemers aangewend om die sprekersintensie oor te dra. Die meeste skrywers (vergelyk Gumperz, 1982:100; Couper-Kuhlen, 1986:4 en Brown, 1987:205) maak die volgende indeling van prosodiese verskynsels:

- intonasie - toonvlakke van individuele sillabes en die samestelling daarvan in toonkontoere;
- veranderings in luidheid - 'n komponent van klem wat variasies ten opsigte van toon, luidheid en duur insluit;
- duur - 'n komponent van ritme en tempo.

Die strategiese gebruik van prosodie regverdig die volgende vraag wat Gumperz (t.a.p.) stel: "What sorts of information do speakers in fact rely on prosody to provide in verbal exchanges?"

Hiervolgens word 'n taalondersoeker genoodsaak om prosodie vanuit 'n funksionele perspektief te benader.

2.5.2 DIE STRUKTUUR VAN INTONASIE

In my ondersoek is die rol van intonasie as 'n kontekstualiseringsaanwyser (vergelyk par. 2.4.1.1) in die brandpunt. Brazil

(1981:40) merk in hierdie verband op dat "... by attending to the status of an utterance as a contribution to the co-operatively produced object we call discourse, it would be possible to characterize the meaning of various intonation features in terms which approached full generality and which related in interesting ways to equally generalisable statements about the meaning of other such features".

Om hierdie doelwit na te streef, is dit nodig om die interne organisasie van intonasie te bespreek. Uit die bestudering van verskeie bronne, blyk dit dat die ondersoekterrein uit 'n groot aantal verskillende dimensies benader word. Ek is daarom genoodsaak om vir die skep van 'n toepaslike teoretiese raamwerk in hierdie ondersoek slegs op die volgende skrywers se benaderings te steun, naamlik Coulthard en Montgomery (1981); Gumperz (1982); Couper-Kuhlen (1986) en Johns-Lewis (1986). Die terminologie is betekenisvol aangepas en sover moontlik in ooreenstemming met Van Jaarsveld (1982:293) se gebruik daarvan, aangewend.

2.5.2.1 DIE TOONEENHEID EN KEUSE

'n Spreker oefen voortdurend keuses uit soos gerig deur die diskoerskonteks. Wybenga (1987:58, e.v.) bespreek hierdie saak breedvoerig en is van mening dat die bestaan van keuses in uitings gebaseer moet word op die werklikheid van 'n verskeidenheid betekenis moontlikhede, ook ten opsigte van die klankvlak.

Volgens Halliday (o.a. 1978:121, e.v.) maak 'n jong kind, wat nog nie oor 'n leksiko-grammatiese sisteem beskik nie, funksioneel gebruik van intonasie om betekenis uit te druk. Die skrywer (a.w.:161) stel dit soos volg: "... what are the first things to appear when an infant is learning to talk? They are the features at the 'outer limits' of the linguistic system, ...: at one end the fundamental rhythms and intonation patterns of speech, ..., at the other end, the meanings, or rather the essential ways of meaning, the semantic habits that are

associated with the various contexts of language use." Die keuse-moontlikheid bestaan daaruit dat uitings wat op 'n matetiese of leerdersfunksie (die spreker as waarnemer) ingestel is, 'n kenmerkende daaltoon het, terwyl die pragmatiese of doen-funksies (die spreker as indringer) 'n stygtoon veronderstel.

Brazil (1981:40, e.v.) identifiseer die tooneenheid op grond van 'n interne organisasie - die plek in 'n uiting waar die spreker verskillende toonkeuses uitoefen. Hierdie organisasie word vervolgens uiteengesit.

Elke tooneenheid bevat een of twee prominente sillabes. Die tweede hiervan verteenwoordig 'n spreker se keuse-uitoefening tussen vier basiese toonbewegings, naamlik laag na hoog (↘) en laag-hoog (↗) in transkripsies met 'n r en r+ onderskeidelik aan die begin van 'n betrokke tooneenheid, aangedui; hoog na laag (↙) en hoog-laag (↘) in transkripsies met 'n p en p+ onderskeidelik aan die begin van 'n betrokke tooneenheid, aangedui.

'n Toonbeweging begin by die tweede prominente sillabe en strek tot aan die einde van 'n tooneenheid. Die einde van 'n toonbeweging word bepaal deur 'n kort pousering daarna. 'n Transkripsie van die voorafgaande is:

//EK dink WERKlik // dat HIERdie saak // my MOEG maak //

Die prominente sillabes word met hoofletters aangedui en dié een waar 'n spreker 'n keuse ten opsigte van toonbeweging het, word onderstreep. Hierdie sillabe is die toonsillabe. Twee ander keusemoontlikhede binne 'n tooneenheid behels elke prominente sillabe se toonvlak wat 'n hoog-, middel- of laagtoon kan wees. Dit is vasstelbaar deur die maksimum toonhoogte van die betrokke sillabe te bepaal. Die toonvlakkeuse van die eerste prominente sillabe staan bekend as die key (voortaan: sleutel) en die keuse met betrekking tot die toonsillabe, as termination (voortaan: afsluiting). Die genoemde twee aspekte word aangedui deur plasing bo, op of onder die middellyn. Vergelyk die volgende:

//EK dink WERKlik // dat HIERdie saak // my MOEG maak //

In die eerste tooneenheid is die sleuteltoonvlakkeuse 'n middeltoon en die afsluitingstonvlakkeuse 'n hoogtoon; die tweede en derde tooneenhede bevat elkeen slegs een prominente sillabe sodat albei die toonvlakkeuses daar vasgestel is. In die tweede tooneenheid is die keuse 'n middeltoon en in die derde, 'n hoogtoon. Geen tooneenheid kan 'n sleutel as hoogtoon gevolg deur 'n afsluiting as laagtoon, of omgekeerd bevat nie (vergelyk Brazil a.w.:42).

2.5.2.2 DIE TOONSEGMENT

Die gedeelte van 'n tooneenheid waarin 'n spreker keuses uitoefen, vorm die toonsegment. Dit strek van die eerste prominente sillabe van 'n tooneenheid af tot aan die einde van die toonsillabe. Die gedeeltes voor en na so 'n toonsegment word onderskeidelik 'n proklitiese en enklitiese element genoem, maar is nie noodwendig teenwoordig nie. Vergelyk Brazil (a.w.:45) vir die volgende:

FIGUUR 3
PROMINENSIE BINNE DIE TOONEENHEID

Proklities	Toonsegment	Enklities
	EK dink <u>WERK</u>	lik
dat	<u>HIER</u>	die saak
my	<u>MOEG</u>	maak

Hierdie kort uiteensetting van die basiese intonasiestruktuur is gedoen sodat die elemente daarvan wat in die diskoersanalise van die onderhawige ondersoek toegepas word, duidelik geïdentifiseer word.

2.5.2.3 DIE TOONOPEENVOLGING

Couper-Kuhlen (1986:101) beklemtoon die feit dat "... listening to strings of tone-units and comparing them to one another will convince any careful observer that there is intonational structure beyond the tone-unit". In my studie is die twee belangrikste aspekte in hierdie verband die aanvangsvlak of sleutel van 'n reeks tooneenhede asook die polisillabiese kenmerke daarvan.

Die toonopeenvolging bestaan volgens Brazil (a.w.:43, e.v.) uit 'n reeks aaneengeskakelde tooneenhede. Sodanige reeks kan een of meer tooneenhede bevat en strek van die begin van die diskoers af tot by die eerste laagtoon afsluitingskeuse. Die opeenvolgings daarna strek dus van hierdie laagtoon afsluitingskeuse af tot die daaropvolgende. Die aanvang van 'n nuwe toonopeenvolging bied aan die spreker 'n keuse van laag-, middel- of hoogtoon.

Die polisillabiese toonreekskenmerke bied 'n belangrike ontginningsbasis vir my ondersoek. Hiervolgens word 'n tooneenheid of reekse tooneenhede onderskei op grond daarvan dat dit in vergelyking met die res van die uitings, met 'n algehele hoër of laer toonhoogtevlak gepaard gaan. Couper-Kuhlen (a.w.:104) som dit soos volg op: "This is closer to what we mean musically when we say a melody has 'changed key'." Die tendens staan bekend as polisillabiese toonhoogte.

2.5.3 INTONASIE EN FUNKSIE

Die verloop van 'n diskoers is dinamies van aard en onderworpe aan voortdurende verandering. 'n Spreker se begrip van die interaksie bepaal op 'n gegewe oomblik watter intonasiekeuses uitgeoefen sal word. Volgens Couper-Kuhlen (a.w.:110) vereis dit dat "... what kind of function a given element or system has in the over-all communicative process can only be determined by

looking at the type of contrast which it is capable of establishing, that is at the kind of 'meaning' it is responsible for".

Die volgende opmerking van Brown (1980:114-115) raak die kwessie van intonasiekeuse: "Anyone who wants to describe the patterns of intonation has to decide what he will regard as an instance of 'the same' pattern and what he will regard as an instance of a 'different' pattern." In die onderhawige ondersoek gaan dit in die eerste plek oor kode- en stylwisseling en daarom word veral daardie funksie van intonasiekeuse wat hierop betrekking het, bespreek.

2.5.3.1 INTONASIEKEUSE IN DISKOERSVERBAND

Om die toonopeenvolging en die polisillabiese toonreekse funksioneel in 'n diskursiewe ondersoek te benader, is die twee belangrikste aspekte die sleutel- en afsluitingstonvlakkeuses van elke toonsegment. Coulthard en Brazil (a.w.:105-106; vergelyk ook Couper-Kuhlen, a.w.:193) beskryf die funksies van die sleuteltoonvlakkeuse soos werkzaam aan die begin van elke volgende toonopeenvolging, in 'n bepaalde diskoers soos volg: 'n hoogtoon sleutelkeuse vervul 'n kontrastiewe funksie en dui daardeur 'n nuwe oriëntering ten opsigte van die gespreksonderwerp aan; 'n middeltoon sleutelkeuse impliseer dat die inligting wat volg as aanvullend tot die voorafgaande beskou moet word; 'n laagtoon sleutelkeuse veronderstel dat 'n spreker te kenne gee dat die afsluiting van 'n bepaalde onderwerpsoriëntering aanvaar word en sy uiting is dus bloot 'n bevestiging daarvan.

Couper-Kuhlen (a.w.:104, e.v.) onderskei tussen twee polisillabiese toonreekskenmerke. In hierdie ondersoek is slegs die polisillabiese toonhoogte van belang (vergeelyk par. 2.5.2.3). Die funksies hiervan word gebaseer op die kontras wat dit skep. Die polisillabiese toonhoogte word vasgestel deur die algehele

toon van tooneenhede se sleutel- en afsluitingstoonvlakkeuses met mekaar te vergelyk (Couper-Kuhlen, 1986:104). Hier word dus na polisillabiese kontras verwys. Die polisillabiese toonhoogte kan binne een tooneenheid voorkom of oor 'n klomp tooneenhede heen strek. Die vereiste dat 'n voorafgaande afsluitingstoonvlak laag moet wees, soos in die bepaling van reekse toonopeenvolgings, geld nie in hierdie geval nie.

Die p-keuse of proclaiming-toon en r-keuse of referring-toon word in my transkripsie in ooreenstemming met Brazil (1981:48, e.v.) se simbole aangedui: onderskeidelik met 'n p of p+ en r of r+-simbool aan die begin van 'n tooneenheid (vergelyk par. 2.5.2.1). Volgens Brazil (t.a.p.) dui 'n p-keuse aan dat 'n uiting as nuus beskou kan word, terwyl die r-keuse 'n aanduiding daarvan is dat die spreker aanvaar dat die onderwerp ter sprake reeds in die diskoers ingevoer is.

'n Spreker se keuse tussen die proclaiming of referring toonbewegings kan ook volgens die skrywer (t.a.p.) beoordeel word op grond van die sosiale implikasie daarvan. Die p-toonbeweging word gelykgestel aan die spreker se persoonlike uitgangspunt wat nog nie deur die hoorder geassimileer is nie. Aan die ander kant dui die r-toonbeweging op "... presenting some segment of the message in the name of the 'WE' of the interaction ...". Die verduideliking van keuses uit sodanige sosiale oogpunt, onderskei volgens Brazil (t.a.p.) daardie gedeeltes van die uitings "... that foreground the separative aspect of the conversational relationship from those that foreground the consolidatory aspect ...".

2.5.4 OPSOMMEND

In hierdie afdeling is die funksionele rol van intonasie binne diskoersverband beklemtoon. Die belangrikste aspek vir die onderhawige ondersoek is die polisillabiese toonhoogte, aangesien die kontras tussen tooneenhede of reekse tooneenhede wat op

hierdie manier geskep word, uit 'n funksionele oogpunt ondersoek moet word (vergelyk hoofstuk 3).

2.6 SAMEVATTING

Met hierdie hoofstuk word 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die onderhawige ondersoek daargestel. In diskoersanalise is die spesifiek wetenskaplike benadering van taal funksioneel. Die ontwikkeling van die sosiolinguistiek is oorhoofs bespreek met besondere verwysing na die nuwe perspektiewe tot taalondersoek wat daaruit voortspruit. Die spesifieke verwysing na die etnolinguistiek beklemtoon die feit dat 'n taalgebruiker se sosiokulturele verbintenis neerslag vind in 'n bepaalde taalsisteem. Daarom is dit belangrik om natuurlike taalgebruik in die situasionele konteks daarvan te ondersoek. Hiervolgens is taal nie bloot 'n struktuur nie, maar 'n sisteem waarin die semantiese sisteem, grammatiese struktuur en sosiokulturele konteks sistematies verbind om op 'n funksionele wyse 'n boodskap oor te dra. Taal is dus 'n dinamiese verskynsel wat tydens interaksie van oomblik tot oomblik strategies aangewend word.

Aangesien dit in hierdie ondersoek handel oor die moontlikheid dat 'n spreker intonasie gebruik om stylwisseling te kommunikeer, is hierdie en verwante aspekte toegelig. Die ondersoek word binne diskoersverband uitgevoer en daarvoor is 'n geskikte diskoersmodel, waarin die belangrikste komponente van die situasionele konteks as interaksie weergegee word, saamgestel.

Weens die uiteenlopende wyses waarop terminologieë in verskeie geraadpleegde bronne gebruik word, is die meeste terme redelik breedvoerig verduidelik en op verantwoordbare wyse gevestig vir die doeleindes van hierdie studie.

HOOFSTUK 3 METODOLOGIE EN DISKOERSANALISE

3.1 BENADERINGSWYSE

Gumperz (1982:162) beskryf die proses van gespreksafleiding as 'n manier waardeur "...we evaluate message meaning and sequencing patterns in relation to aspects of the surface structure of the message, called 'contextualization cues'". In paragraaf 2.3.2. is 'n terreinafbakening van diskoersanalise gebaseer op die funksionele benadering van taal. Hiervolgens word prosodie as een van die moontlike kontekstualiseringsaanwysers beskou wat strategies deur 'n spreker aangewend word om intensie oor te dra.

Die intonasiekeuses van 'n spreker kommunikeer dus semantiese inhoude en vervul ook 'n kontekstualiseringsfunksie in teks (vergelyk par. 2.4.1.1). Die situasionele konteks waarin taal gebruik word, realiseer in 'n spreker se keuses uit die linguistiese sisteem. Soos uiteengesit in paragraaf 2.3.3.1 funksioneer die situasionele dimensies as tekstdeterminante. 'n Diskoers bestaan volgens die aangepaste diskoersmodel (vergelyk par. 3.3.1.1) uit teks en konteks (vergelyk o.a. Wybenga, 1987: 6).

Die teksvormende prosedures, naamlik kohesie (binding) en samehang, waardeur die situasionele konteks asook semantiese inhoude deur keuses uit die leksiko-grammatiese en fonologiese sisteme van 'n taal in teks neerslag vind (vergelyk Halliday, 1978: 130, e.v.), kan sistematies ondersoek word deur 'n funksionele taalbenadering te volg. Gumperz (a.w.: 36-7) wys daarop dat die analise van die simboliese prosesse wat in diskoers werkzaam is, "... begins at the most general level of chunking raw conversational sequences into semantically cohesive episodes. To do this we rely on assumptions about what kinds of

relationships to look for, how these relationships are signalled and how they affect interpretation."

In teenstelling met die beskouing van taal as 'n isoleerbare struktuur, gegrond op 'n reëlgeoriënteerde perspektief, word die diskoersanalise in die onderhawige ondersoek gebaseer op Halliday (a.w.: 192) se benadering van taal as 'n vervlegte struktuur wat uit die sosiale struktuur gegenerereer word. Op grond hiervan moet die data vir die ondersoek teks-in-situasie wees en om dit wat ons waarneem te interpreteer "... we have to relate it to the system: (i) to the linguistic system, which it then helps to explain, and (ii) to the social context...".

3.2 VERSAMELING VAN DIE DATA

Volgens Brown en Yule (1983: 68) reflekteer 'n analis se data die gerigtheid van 'n betrokke ondersoek (vergelyk ook Du Plessis, 1987: 38). In dieselfde verband stel Stubbs (1983: 220) voor "...that any analysis of speech behaviour will ultimately stand or fall on its success in coming to grips with audio-recordings of what speakers actually say to each other in specific, naturally occurring social settings". Data vir die ondersoek is versamel deur die opneem van 'n klaskamerdiskoers. Hoewel 'n enkele klaskamerdiskoers vir die doeleindes van hierdie ondersoek as genoegsaam beskou word (vergelyk par. 3.2.3) kan daar natuurlik geredeneer word dat die ondersoek nie empiries en toerekenbaar is nie, omdat (a) deelnemers nie wissel nie (b) 'n hoogs-geïsoleerde taalsituasie ondersoek word (c) die taalgebruik van 'n enkele persoon van diskoers tot diskoers mag verskil.

3.2.1 DIE OPNAME

Aangesien my ondersoek 'n korpus data waarin kodewisseling voorkom vereis, is 'n klaskamerdiskoers en 'n gepaard gaande

gebruiksvariasie van Standaardafrikaans, soos dit deur 'n dosent in die onderrig van Afrikaans aan Sothosprekende studente benut word, op band vasgelê (vergelyk bylae A en die band). Die datakeuse is gegrond op die aanname dat 'n dosent gewoonlik informasie op 'n georganiseerde en temagerigte manier aanbied. In 'n onderrigsituasie is die dosent veral daarop ingestel om die aandag van die student te verkry en te behou; beurtwisseling te reguleer; te kontroleer of die student die strekking van die onderrig volg en om moontlike onduidelikhede uit die weg te ruim (vergelyk Stubbs, a.w.: 232-3). Al hierdie genoemde aspekte bied die moontlikheid dat 'n dosent dikwels van kode en styl sou kon verwissel, veral gesien in die lig daarvan dat die handeling in die diskoerssfeer uit die aanbod van 'n lesing bestaan. Die lang gedeeltes monoloog, wat kenmerkend is van hierdie soort handeling, behoort ryk data te voorsien om te kan bepaal hoe 'n dosent die linguistiese sisteem funksioneel benut, sodat inligting gestruktureerd aan die student oorgedra word.

3.2.2 PROBLEME MET DIE OPNAME

Die opname is sonder die gespreksdeelnemers se medewete gemaak. Stubbs (a.w.:224, e.v.) wys op verskeie teoretiese probleme wat ontstaan wanneer gespreksdeelnemers bewus is daarvan dat hulle taalgebruik gemonitor word. Die belangrikste hiervan word deur Labov (1972:209) beskryf as die waarnemersparadoks. In die huidige ondersoek is hierdie probleem deur die aard van die opname ondervang. Daarmee word nie te kenne gegee dat die data 'n voorbeeld van totaal ongemonitorde taal is nie: hierdie soort monitering staan egter in die brandpunt van die ondersoek; in 'n onderrigsituasie kontroleer die dosent wel sy eie taalgebruik. Die gevolglike formeler styl behoort myns insiens saam te hang met die bepaalde funksionele aanwending van taal.

Die teksgedeeltes wat besonder informatief van aard is, met ander woorde waar taal by uitstek gebruik word om die hooftema van die gespreksonderwerp te kommunikeer, sal veroorsaak dat die

dosent sy keuses uit die linguistiese sisteem monitor. Daardie teksgedeeltes wat eerder aanvullend of kwalifiserend en met die oog op inskerping, gebruik word, sal moontlik in 'n mindere mate gemonitor word. Coulthard en Montgomery (1981:35) wys daarop dat 'n lesing twee sprekeroriënterings bevat, waarvan die eerste spesifiek op die onderwerp van die diskoers gerig is en die tweede op die ontvangs daarvan. Myns insiens kwalifiseer eersgenoemde vir 'n formeler styl en dus strenger gekontroleerde taalgebruik. Uitsluitel oor hierdie kwessie sal ten opsigte van die betrokke diskoers in 'n analise verkry kan word.

3.2.3 DIE KORPUS

Die korpus is bepaal deur die doel wat in hierdie ondersoek nagestreef word. 'n Genoegsame aantal toepaslike fragmente van die diskoers vorm die korpus. Met genoegsaam word hier nie gesuggereer dat die bevindings van die ondersoek as algemeen-geldend ten opsigte van alle diskoerse beskou moet word nie. Die kwalitatiewe analitiese benadering wat gevolg word, veronderstel dat daar in hierdie ondersoek eerder op besonderhede as veralgemenings gelet word. Die analise word sistematies uitgevoer (vergelyk par. 3.3.3) en is dus wel empiries en toerekenbaar. Daar word egter aanvaar dat die geldigheid van die waarneming verhoog kan word op grond van meer as een ondersoek van dieselfde aard. Volgens Schiffrin (1987:19) is kwalitatiewe diskoersanalitiese ondersoeke gewoonlik op die besonderhede van 'n relatief klein korpus gerig.

In vergelyking met die korpus wat in die geraadpleegde bronne (vergelyk o.a. Couper-Kuhlen, 1986) ontleed word, beskou ek die data, soos gemeet aan die doel van die onderhawige ondersoek, as genoegsaam. In al die geraadpleegde bronne word slegs enkele fragmente van 'n gegewe diskoers ontleed. In hierdie ondersoek word bepaalde diskoersstrategieë (vergelyk par. 2.4.2) sistematies deur die hele diskoers ontleed.

3.2.4 DIE TRANSKRIPSIE VAN DIE DISKOERS

Stubbs (1983:228) beskryf een van die grootste probleme wat met die transkribering van data ervaar word, soos volg: "... I have had practical experience of the disagreements which can arise within a group of linguists working together on the same tape-recorded data, over what constitutes a correct transcription at word level. Much more discussion and dispute is normal over such features as intonation, tone-group boundaries and timing of interruptions." (Aksentuering deur M.E.) Hierdie opmerking is as 'n tydige waarskuwing beskou en om die transkripsie van my ondersoek so noukeurig moontlik te doen, is die volgende voorsorgmaatreëls getref:

'n diskoers wat hoofsaaklik monologies van aard verloop, is gekies omdat beurte nie oorvleuel nie;

die dosent wat as hoofspreker funksioneer, is na die opname genader om kontrole van die transkripsie en eksterne evidensie rakende die diskoersstyl (vergelyk Van Jaarsveld, 1989:8);

'n woordvlakweergawe van die diskoers asook die bandopname word ingesluit by die ondersoek vir vergelykingsdoeleindes.

Aangesien die tegniese kwaliteit van 'n opname die betroubaarheid van 'n transkripsie bepaal, is die opname met 'n bandmasjien en mikrofoon van goeie gehalte gemaak. Die feit dat die mikrofoon versteek moes word, was egter 'n belemmerende faktor. 'n Tweede problematiese aspek is geskep weens die feit dat dit nie 'n naby-opname is nie en agtergrondsteurnisse kom dus wel voor. Die opname is egter in 'n professionele klankateljee so goed moontlik verbeter.

Die verdeling van die teks in tooneenhede is gebaseer op Brazil (1981:45) se bevinding dat die prominente sillabes die belangrikste elemente is op grond waarvan 'n tooneenheid afgebaken moet word: "Sometimes there is insufficient phonetic evidence in the data to say at what point the enclitic segment of one tone unit ends and the proclitic segment of the next begins [vergelyk

par. 2.5.2.2] It is because this interdeterminacy has no effect upon the domain of any of the choices that the question of boundary recognition is not regarded as crucial." Daar is nogtans sover moontlik gelet op die algemener beskouing dat tooneenhede deur middel van pousering afgebaken moet word.

Aspekte soos tempo en ritme kon nie wetenskaplik ondersoek word nie, aangesien 'n noukeurige meting daarvan slegs met behulp van hoogsgespesialiseerde apparaat gedoen kan word. Sodanige verwerking vereis 'n opname wat in 'n klankdigte vertrek gemaak word. Gevolglik sal gespreksdeelnemers bewus wees van die opname en die nadeel daaraan verbonde is dat die diskoers dan nie meer as spontane interaksie beskou kan word nie, aangesien die waarnemersparadoks ter sprake kom. Opvallende tempoveranderinge word wel uitgelig in die analise. Hoewel ook ten opsigte van intonasie deur 'n masjienanalise die suiwerste resultate verkry kan word, is die ondersoeker ook hier gebonde aan die genoemde probleem van die waarnemersparadoks. Daar is nogtans probeer om 'n masjienverwerking te verkry deur die verbeterde produk aan Professor Wissing voor te lê, maar die agtergrondsteurnisse het veroorsaak dat die opname steeds nie geskik geag is vir sodanige verwerking nie. 'n Keuse moet dus gemaak word: òf 'n betroubare analise van 'n kunsmatige diskoers, òf 'n subjektiewer analise van 'n ware diskoers. Intonasie word maklik geaffekteer indien die spreker sy gesprek onder buite-invloede monitor. Die tweede keuse moes dus desnoods gevolg word.

3.3 METODE VAN VERWERKING, ANALISE EN INTERPRETASIE


3.3.1 METODE VAN VERWERKING

In paragraaf 2.3.4 is 'n algemene diskoersmodel gemaak waarvolgens die analise van teks op 'n sistematiese wyse uitgevoer kan word. Dit is nou nodig om hierdie model in fynere besonderhede aan te pas sodat daar aan die hand hiervan vasgestel kan word in

hoe 'n mate die dosent in die betrokke diskoers intonasie asook kode- en stylwisseling strategies as kontekstualiseringsaanwysers benut en watter semantiese inhoude daarmee oorgedra word.

3.3.1.1

FIGUUR 4
VERBESONDERDE DISKOERSMODEL



Hoewel die hele opname ontleed is (vergelyk bylae A en B), is elke deel wat duidelike aanduibare wisseling bevat in hierdie studie weergegee sodat bepaal kan word watter keuse uit die linguistiese sisteem deur die onderskeibare situasionele komponente afgedwing word. Teks weerspieël volgens Halliday (vergelyk par. 2.3.3.1) sosiale betekenis in 'n spesifieke situasionele konteks, sodat die situasie in 'n taal se linguistiese sisteem realiseer om sodoende die relasie tussen die semantiese struktuur en die sosiale omgewing van taalgebruik te reflekteer. Die komponente van die diskoersmodel word vervolgens toegelig.

3.3.1.1.1 DIE DISKOERSSFEER

Die betrokke diskoers vind plaas in 'n klaskamers tydens 'n lesing. Die gespreksonderwerp is 'n gedig. Hierdie onderwerp word egter ook binne die diskoerssfeer afgewissel met ander aktiwiteite waarin taal 'n rol speel. Dit word in die analise (vergelyk par. 3.3.3.2) aangedui.

3.3.1.1.2 DIE DISKOERSSTREKKING

Die deelnemers aan die diskoers bestaan uit 'n Afrikaanssprekende dosent en 'n groep Sothosprekende studente wat 'n kursus in Afrikaans volg. Die rolverwantskap veronderstel dus 'n bepaalde hiërargie en aangesien institusionele kommunikasie ter sprake kom, vertolk die dosent 'n dominante rol binne die klaskamer. Handeling in die diskoerssfeer wissel sodat die formaliteitsgraad van die rolverwantskap ook wisseling toon van formeel na minder formeel (vergelyk par. 1.3). Die funksie wat intonasie moontlik kan speel as 'n aanwyser hiervan, word in die analise ondersoek (vergelyk par. 3.3.3.2).

In die diskoers kom ook kode- en stylwisseling (vergelyk par. 2.2) voor. Dit kry in hierdie diskoers 'n sosiale betekenis wat in die analise (vergelyk par. 3.3.3.4) uiteengesit word.

3.3.1.1.3 DIE DISKOERSMODUS

Die diskoersmodus is hoofsaaklik informatief van aard, met 'n gepaard gaande formele toon. Dit word afgewissel deur die fatiese modus (vergelyk par. 2.3.3.1.1), wat dus ook 'n wisseling in die formaliteitsgraad bewerkstellig. In die diskoers word 'n we/they-code (vergelyk par. 2.2.4.2) gebruik. Die funksionele aanwending van hierdie stylwisseling het net soos intonasie 'n kontekstualiseringsfunksie. Daar word in die analise 'n uiteensetting gegee van die mate waarin die genoemde

twee elemente 'n teksvormende rol speel in 'n diskoers soos hierdie waarin spraak as 'n kommunikasiekanaal gebruik word.

3.3.2 TRANSKRIPSIEMETODE

Hierdie transkripsie is nie 'n fonetiese weergawe van klanke nie, maar bepaalde simbole word gebruik om die prominente sillabes, die toonvlakkeuses en die toonbewegings van die tooneenhede uit te beeld. Vergelyk ook paragraaf 2.5 vir 'n breedvoerige uiteensetting van die verskillende intonasiekomponente.

3.3.2.1 KOMPONENTE EN SIMBOLE

<u>Komponent</u>	<u>Simbool</u>
afbakening van 'n tooneenheid	: // //
" <u>proclaiming</u> "-toon/-skerptoon	: p / p ⁺
" <u>referring</u> "-toon/-skerptoon	: r / r ⁺
polisillabiese laagtoon	: L
posisie van toonvlak	
laagtoon sleutel-/afsluitingskeuse	: // LAAG // // <u>LAAG</u> //
middeltoon sleutel-/afsluitingskeuse	: // LAAG // // <u>LAAG</u> //
hoogtoon sleutel-/afsluitingskeuse	: // <u>LAAG</u> // // <u>LAAG</u> //
sleutelkeuse	: S
afsluitingskeuse	: A
laagtoon sleutel-/afsluitingskeuse	: // LAAG-S <u>LAAG-A</u> //
middeltoon sleutel-/afsluitingskeuse	: // LAAG-S <u>LAAG-A</u> //
hoogtoon sleutel-/afsluitingskeuse	: // <u>LAAG-S</u> <u>LAAG-A</u> //

Vergelyk figuur 5 vir 'n voorbeeld van 'n transkripsie.

Die normale toonhoogte van die diskoers en die polisillabiese toonhoogte se tooneenhede word van mekaar onderskei deur eersgenoemde eerste te plaas en met 'n A te merk. Die polisillabiese toonhoogtegroep word met 'n B aangedui:

FIGUUR 5
TRANSKRIPSIE

A //_{r+} EK gaan môre SAAM // //_{r+} MIDDEL-S HOOG-A //

B L //_p DIT sal die DAG wees // //_p HOOG-S MIDDEL-A //

In die transkripsies word slegs gekonsentreer op die toonvlak en toonbeweging van die prominente sillabes. Die res van die uiting word in normale skrif weergegee. Die toonbeweging van die toonsillabe strek wel tot aan die einde van die tooneenheid.

3.3.3 DISKOERSANALISE EN INTERPRETASIE

3.3.3.1 ANALISE I

In hierdie analise word die normale toonhoogte met A in die kante-ruimte en die heel laer polisillabiese toonhoogte met B (verge-lyk par. 2.5.2.3) teenoor die diskoersfragmente aangedui. Die keuse van hierdie fragmente is daarop gebaseer dat die onderwerpsoriëntering van die A- en B-groepe verskil. Die klem val in hierdie analise op die sprekersrol van die dosent, terwyl die studente se bydrae buite rekening gelaat word.

Prominente sillabes en toonbewegings van die toonopeenvolging

A 1.1 //_{r+} MENse ons MOET //_r HMM //_{p+} NEE nee nee //_p 0 //

1.2 //_{r+} ons moet vanDAG beGIN //_{r+} met 'n ANder geDIG //

1.3 //_{r+} die ANder is LANKal by //_r die DERde gedig HOOR //

Toonvlakkeuse binne die toonopeenvolging

// HOOG-S HOOG-A // HOOG-S en HOOG-A // HOOG-S en HOOG-A

// MIDDEL-S en MIDDEL-A //
 // HOOG-S HOOG-A // HOOG-S HOOG-A //
 // HOOG-S HOOG-A // MIDDEL-S LAAG-A //

Polisillabiese toonhoogte

B 1.1 L //_p hier is ook nie EINTlik plek op hierdie BORD nie //
 // MIDDEL-S LAAG-A //

A 2.1 //_ren AL die oseAAN //_r se WOESte KRAG //
 // MIDDEL-S MIDDEL-A // MIDDEL-S LAAG-A //

B 2.1 L //_r WAT SIEN julle //
 // MIDDEL-S HOOG-A //

A 3.1 //_rKAN julle SIEN //_r hy nooi AL drie sy VYande uit//
 // MIDDEL-S HOOG-A // HOOG-S MIDDEL-A //

B 3.1 L //_p KOM bietjie Nader //
 // HOOG-S MIDDEL-A //

A 4.1 //_r NOU //_r KYK dis eintlik nie vir julle VOORgeskryf nie //
 // MIDDEL-S en MIDDEL-A // HOOG-S MIDDEL-A //

4.2 //_r its NOT PREscribed //

// HOOG-S HOOG-A //

//_r but i do NOT TRUST //_p ANYbody //

// HOOG-S MIDDEL-A // MIDDEL-S en MIDDEL-A //

B 4.1 L //_p so I do MORE //_p than WHAT i SHOULD//
 // HOOG-S MIDDEL-A // MIDDEL-S LAAG-A //

A 5.1 //_r met ANder woorde hy HET //_p VEERTien REëLS //
 // HOOG-S MIDDEL-A // HOOG-S HOOG-A //

B 5.1 L //_p korREK //

```

// MIDDEL-S en MIDDEL-A //
5.2 L //p hierdie BORD is net 'n bietjie VOL nou al //
// MIDDEL-S HOOG-A //

```

```

A 6.1 //r DIE geVOLGtrekking //
// HOOG-S en HOOG-A //
B 6.1 L //r mense HIERdie BORD //r MAAK my MAL //
// HOOG-S MIDDEL-A // MIDDEL-S LAAG-A //

```

3.3.3.2 INTERPRETASIE VAN ANALISE

In figuur 3 en 4 word aangedui dat die sfeer van hierdie diskoers die aanbod van 'n lesing is. Die gedig wat behandel word, is die gespreksonderwerp. Die diskoerssfeer omvat egter meer as die gespreksonderwerp. Binne die sfeer van 'n lesing word taal nie net gebruik om die gedig aan te bied nie, maar ook om ander funksies te verrig. Die diskoersfragmente A 1.1 tot A 6.1 bevat opvallend onderwerpgeoriënteerde informasie, terwyl die woordkeuse van B 1.1 tot B 6.1 nie spesifiek op die onderwerp in A gerig is nie: hier is ook nie eintlik plek op hierdie bord nie; hierdie bord is net 'n bietjie vol nou al; mense hierdie bord maak my mal. Hierdie uitings word nie soseer gebruik om informasie rakende die gedig oor te dra nie. Hierdie verandering ten opsigte van wat in die geval met taal gedoen word, bewerkstellig 'n nuwe styl en register wat neerslag vind op die leksiko-grammatiese en fonologiese vlakke van die fragmente (vergelyk par. 2.2.4.1). Dit is op grond hiervan wat die fragmente in A- en B-gedeeltes verdeel is.

Om vas te stel watter funksie die dosent heg aan uitings B 1.1 tot B 6.1, moet die ander komponente van die diskoersmodel ook in berekening gebring word. Halliday (1978:223) beskou die vraag na die funksie van taalgebruik as 'n onderliggende aspek

van die diskoersmodus. Die A-fragmente is onderwerpgeoriënteerd en die modus daarvan informatief. Die B-fragmente openbaar 'n voorbeeld van die fatiese modus. Hierdie modus word funksioneel aangewend om die kommunikasiekanaal tussen dosent-student te rig. Die gespreksonderwerp en rolverwantskap bepaal in hierdie diskoers die formaliteitsgraad van die interaksie. 'n Informatiewe modus en die dominante rol wat die dosent speel, bewerkstellig 'n formele styl.

Coulthard en Montgomery (1981: 35) toon aan dat 'n lesing wat monologies verloop gewoonlik tussen twee prominente modi wissel:

onderwerpgeoriënteerde diskoersdele;
diskoersdele gerig op die ontvangs van informasie.

Die fatiese modus wat in die B-fragmente hierbo aangetoon voorkom, is hoordergerig en persoonsgeoriënteerd. Gevolglik is die styl wat met die uitings gepaard gaan minder formeel van aard (vergelyk par. 2.3.3.1.1). Die twee groepe diskoersfragmente lewer dus bewys van stylwisseling.

Dit is duidelik dat polisillabiese toonhoogte volgens hierdie fragmente deur 'n dosent aangewend kan word om die diskoers te organiseer in hoof- en aanvullende dele. 'n Gespreksdeelnemer wat nie die tematiese afwisseling in 'n diskoers soos funksioneel deur intonasie en stylwisseling aangedui, snap nie sal probleme hê om die logiese verloop van die interaksie te volg. Dit kan gebeur dat 'n student dus 'n vraag stel wat so vanselfsprekend is dat die dosent dit as moedswillig of as 'n teken van intellektuele onvermoë kan beskou. Hierdie kwessie lewer 'n goeie voorbeeld van misverstand wat voorkom tydens die onderrig van Afrikaans.

In die betrokke fragmente vorm die polisillabiese toonhoogte 'n patroon in die diskoers en intonasie word deur die dosent gebruik om onder andere die kommunikasiekanaal oop te hou en die onderwerpsoriëntering te organiseer. Dit is belangrik om daarop

te let dat die leksiko-grammatiese vorme en ook die nie-verbale aspekte van taalgebruik interaksioneel in die diskoers betrokke is. Daar word dus nie met hierdie analise beweer dat intonasie die enigste kontekstualiseringsaanwyser in die diskoers is nie. In al die aangehaalde voorbeelde blyk die fatiese/informatiewe onderskeid duidelik. Dat die polisillabiese toonhoogte nie net die funksie vervul om faties en informatiewe modi te skei nie, word in analise III gesien.

3.3.3.3 ANALISE II

Kodewisseling kom dikwels in hierdie diskoers voor. Die intonasiepatrone van opeenvolgende tooneenhede waarin die wisseling aangetref word, moet in die fragmente aangetoon word. Elke tooneenheid se afsluitingstonvlak word met die daaropvolgende tooneenheid se sleuteltoonvlak vergelyk. Die spreker se toonvlakkeuse kan 'n kontrastiewe, aanvullende of bevestigende funksie vervul (vergelyk par. 2.5.3.1). Die funksionele aanwending van kodewisseling (vergelyk par. 2.2.2.3) moet sistematies in relasie tot die intonasiekeuse en die situasionele konteks van die diskoers ondersoek word.

Die verskillende tooneenhede word op dieselfde wyse as in die vorige analise (vergelyk par. 3.3.3.1) getranskribeer. Polisillabiese laagtoon word waar van toepassing met die toepaslike simbool (L), voor die betrokke tooneenheid aangedui. Die tooneenhede van hierdie analise word van daardie in analise I onderskei, deur alfabetiese simbole van C af te gebruik.

- C. 1.1 // NOU // VOORdat ons hierdie gedig beGIN //
- 1.2 // wil ek EERS vir julle VRA // of JULLE DIE //
- 1.3 // geLYKenis // the PARable //
- 1.4 // in die BYbel KEN // wat die HEre vir die MEnse sê //
- 1.5 // hulle MOEnie hulle huis op SAND bou nie // maar OP 'n ROTS //

- 1.6 //they must BUILD their HOUSES // ON ROCKS //
- 1.7 //you KNOW that PARABLE //
-
- // MIDDEL-S en MIDDEL-A // HOOG-S HOOG-A //
- // HOOG-S HOOG-A // HOOG-S MIDDEL-A //
- // HOOG-S en HOOG-A // MIDDEL-S en MIDDEL-A //
- // HOOG-S HOOG-A // HOOG-S HOOG-A //
- // HOOG-S HOOG-A // MIDDEL-S MIDDEL-A //
- // HOOG-S MIDDEL-A // MIDDEL-S LAAG-A //
- // HOOG-S MIDDEL-A //
-
- D 2.1 // AS jou HUIS // IN die ROTS // geANker is //
- 2.2 // if it's ANchored into a ROCK //
- 2.3 // DAN sal jou HUIS mos baie // STERK staan //
- // MIDDEL-S MIDDEL-A // MIDDEL-S MIDDEL-A // MIDDEL-S en MIDDEL-A //
- // MIDDEL-S LAAG-A //
- // MIDDEL-S MIDDEL-A // LAAG-S en LAAG-A //
-
- E 3.1 // JA // dis geLOOF FAITH //
- 3.2 // en hier TOON FAITH // geLOOF is SOOS 'n //
-
- // HOOG-S en HOOG-A // MIDDEL-S MIDDEL-A //
- // HOOG-S MIDDEL-A // MIDDEL-S MIDDEL-A //
-
- F 4.1 // hierdie ding gaan EINTlik OOR // FAITH geLOOF //
- // MIDDEL-S LAAG-A // MIDDEL-S LAAG-S //
-
- G 5.1 // hy het BAIE VYande // he's GOT ENemies //
-
- // MIDDEL-S HOOG-A // MIDDEL-S HOOG-A //
-
- H 6.1 // WAT is GOLwe //
- 6.2 // the WAVes of the SEA // is BANGing against HIS house //
- 6.3 // DIT is die tweede VYand // is die SEE // of die OSEAAN of die GOLwe //
-

// MIDDEL-S HOOG-A //
 // HOOG-S MIDDEL-A // HOOG-S MIDDEL-A //
 // HOOG-S HOOG-A // HOOG-S en HOOG-A // HOOG-S HOOG-A //

- I 7.1 // NOOD beTEken //
 7.2 L // you've got a BIG PROblem //
 7.3 L // you've GOT a PLIGHT //
 7.4 L // you've GOT SOMEthing //
 7.5 L // WORrying you treMENdously //
 7.6 L // NOOD PLIGHT //
-

// HOOG-S MIDDEL-A //
 // MIDDEL-S MIDDEL-A //
 // MIDDEL-S HOOG-A //
 // MIDDEL-S HOOG-A //
 // HOOG-S MIDDEL-A //
 // HOOG-S MIDDEL-A //

- J 8.1 // JONG ek GEE vir julle //
 8.2 L // BAIE INligting //
 8.3 L // because i DON'T know what the eXAminer's going on //
 8.4 L // IN the HALL // IN his HEAD //
-

// MIDDEL-S HOOG-A //
 // MIDDEL-S MIDDEL-A //
 // MIDDEL-S MIDDEL-A //
 // MIDDEL-S MIDDEL-A // MIDDEL-S LAAG-A //

3.3.3.4 INTERPRETASIE VAN ANALISE

Die afsluitingstonvlak van elke tooneenheid wat gevolg word deur kodewisseling, word nou sistematies weergegee en vergelyk met die sleuteltoonvlak van die tooneenheid waarin van kode verwissel word (met uitsondering van I en J):

	Afsluitingstonvlak	Sleuteltoonvlak
C	1.3 HOOG-A	1.3 MIDDEL-S
	1.5 MIDDEL-A	1.6 HOOG-S
D	2.1 MIDDEL-A	2.2 MIDDEL-S
E	3.1 HOOG-A	3.1 MIDDEL-S
F	4.1 LAAG-A	4.1 LAAG-S
G	5.1 HOOG-A	5.1 MIDDEL-S
H	6.1 HOOG-A	6.2 HOOG-S

Die vergelyking wat hier getref word, hou slegs verband met die toonvlakkeuses binne die grense van elke fragment se toonopeenvolging. Dit is duidelik dat hier geen sprake van enige kontraste soos LAAG-A en HOOG-S voorkom nie. Gumperz (1982:78) merk die volgende op in verband met kodewisseling: "Frequently a message in one code is repeated in the other code, either literally or in somewhat modified form. In some cases such repetitions may serve to clarify what is said, but often they simply amplify or emphasize."

Die diskoersfragmente (C tot H) kan beskou word as onderwerpge-sentreerd. Die dosent gee telkens met die verwisseling na Engels bloot 'n sinonieme weergawe van dit wat in Afrikaans gestel word. In al die betrokke fragmente volg die kodewisseling nadat die informasie eers in Afrikaans gegee is. Na aanleiding van Gumperz (vergelyk aanhaling) se opmerkings hierbo kan die funksie van kodewisseling wat in die betrokke fragmente voorkom dus beskryf word as herhaling van inligting ter wille van beklemtoning. Die feit dat twee verskillende tale ter sprake is, skep kontras. Die inhoud van die uitings in die twee tale stem ooreen, maar dit is deur die kontras wat die kodewisse-

ling teweegbring waardeur die ooreenstemmende betekenisinhoud van die uitings telkens benadruk word.

Die weergawe van hierdie fragmente se toonvlakkeuses toon geen kontraste nie. In al die gevalle (vergelyk ook bylae B), is die sleuteltoonvlakkeuse van die tooneenheid waarin kodewisseling plaasvind slegs een vlak hoër of laer of dieselfde as die afsluitingstonvlak van die voorafgaande tooneenheid. Hierdie patroon van die toonvlakke bevestig dus die genoemde funksie van die kodewisseling in die betrokke fragmente (vergelyk ook par. 4.4.2).

Die twee laaste diskoersfragmente verskil van die voorafgaande, aangesien hier ook polisillabiese toonhoogte ter sprake is. Dit sluit eerstens direk aan by die bevindings wat in analise I (vergelyk par. 3.3.3.2) uiteengesit is. Tweedens openbaar die feit dat daar in hierdie geval (vergelyk I 7.2 tot 7.5 en J 8.3 tot 8.4) ook wisseling tussen twee tale voorkom, 'n tweede funksie van kodewisseling. In paragraaf 2.2.4.2 is 'n uiteensetting gegee van wat Gumperz (1982:66) beskryf as die we/they-code. 'n We-code reflekteer dié dele van diskoers wat hoordergerig is en kan daarom ook beskou word as 'n voorbeeld van fatiese kommunikasie. Volgens die skrywer (a.w.:83) impliseer die gebruik van 'n they-code "... objectification or speaker distance". Die fatiese gebruik van Engels (vergelyk I en J) is 'n voorbeeld van die funksionele gebruik van 'n we-code (vergelyk par. 2.2.4.2). Die dosent toon hier ook kommunikatiewe buigzaamheid in die opsig dat Engels meer alledaags deur studente by die betrokke onderwyskollege gebruik word as Afrikaans. Alhoewel Engels nie die moedertaal van hierdie studente is nie, word dit meer geredelik in informele situasies gebruik.

Die dosent maak dus in hierdie fragmente, behalwe die leksiko-grammatiese keuses, ook van twee ander sake gebruik om die fatiese funksie van taal te kommunikeer, naamlik die polisillabiese toonhoogte asook kodewisseling. Die rolverwantskap verander tegelykertyd in dié sin dat die dosent deur 'n infor-

meler stylregister afwyk van die streng hiërargie wat met 'n klaskamerdiskoers geassosieer word. Dit is nog 'n voorbeeld (vergelyk ook par. 3.3.3.1) daarvan dat dit die dosent is wat die diskoers organiseer en rig om intensie oor te dra. Dit is op hierdie wyse dat die dosent sy eie taalgebruik monitor (vergelyk par. 3.2.2).

3.3.3.5 ANALISE III

Brown en Yule (1983:133-134) beskryf tematisering soos volg: "What the speaker or writer puts first will influence the interpretation of everything that follows. Thus a title will influence the interpretation of the text which follows it. The first sentence of the first paragraph will constrain the interpretation not only of the paragraph, but also of the rest of the text. That is, we assure that every sentence forms part of a developing, cumulative instruction which tells us how to construct a coherent representation." Die skrywers (a.w.:112) wys ook daarop dat teks nie bloot as 'n lys proposisies beskou moet word nie, "..., but must show that some propositions are subordinate to others". Om die diskoers in temagesentreerde eenhede te verdeel, moet die verskillende toonopeenvolgings onderskei word. Die sienswyse van Coulthard en Brazil (1981:105) dat toonopeenvolgings kleiner temas binne 'n groter geheel aandui, word in hierdie analise ondersoek.

Volgens Couper-Kuhlen (1986:190) kan 'n diskoers in paratone (vergelyk ook Brown en Yule, a.w.:100, e.v.) en minor paratones (toonopeenvolgings) verdeel word. In hierdie analise val die klem op toonopeenvolgings, en word paratone nie verder bespreek nie. 'n Spreker oefen aan die begin van 'n toonopeenvolging (vergelyk par. 2.5.2.3 en 2.5.3.1) 'n keuse uit tussen die laag-, middel- of hoogtoonsleutelvlak. Om die tematiese organisasie van die betrokke diskoersfragmente te ondersoek, is dit nou nodig om dit in toonopeenvolgings te verdeel. Die

polisillabiese toonvlak word op die gebruikelike wyse aangedui.
Die verskillende opeenvolgings word in blokvorm afgebaken.

- K1. // hoe LYK die LIG //
2. // BUIte en BInne //
3. // HOE is dit BUIte //
4. // DIS NAG //
5. // met ANder woorde dis DONker //
6. // HOE's dit BInne //
7. // KYK BIEtjie //
8. // DAAR staan NAG //
9. // en DAAR staan LIG//
10. //jy kan dit gerUS onderSTREEP //
11. // en dit SO verBIND //
12. // is 'n diREKte KONtras //
13. // HIERso is dit NAG //
14. // HIERSO is dit LIG //
15. // Nou //
16. L // DAAR STAAN // in reël AGT plus vier in reël TWAALF //
17. L // hierBInne is DIT //
18. L // VEIlig// WARM en DIG //
19. L // Oraait // nou WEET ONS // HIERso is dit VEIlig //

20. // is dit BUIITE VEIlig //

21. // BUIte is dit NIE veilig nie //

22. // want DAN is jy nie IN hierdie //

23. // HUIS wat jou beSKERM nie //

24. // so BINne is dit VEIlig //

25. // BUIte is dit ONveilig //

26. // UNSAFE //

27. // BInne // is dit WARM //

28. // WANT hy het 'n VUURtjie //

29. // WAT hy hom by kan WARM maak //

30. // HOE dink julle is dit BUIte //

31. // KOUD //

32. // en HIER is dit WARM //

33. // WANT hy't 'n VUUR //

34. L // ek WONder of daar NOG is //

35. L // ek DINK dis geNOEG//

36. // MENSE // kan julle SIEN die verANdering //

37. // Nou wil ek vir julle VRA //

38. // by die LAASTE TWEE reëls //

39. // HIER so //

40. // WAT is die geVOLGtrekking //

41. // WHAT is the conCLUsion //

42. L // THIS POET //

43. L // OR //

44. L // PERSON who's TALKing here //

45. L // COMES to JA //

46. L // hy NOOI hulle In //

47. L // JA //

48. L // maar WAT sê HY //

49. // KOM MAAR // KOM maar Nader //

50. L // DIS 'n ROTS // waarOP my huisie STAAN //

51. L // en DIS die geVOLGtrekking// die LAASTE REËLS //

52. L // WAT sê hy EINTlik // met DAAI LAASTE reëls //

53. L // JA //

54. L // dit sal NIE verNIETig nie //

55. L // HOEkom NIE //

56. L // my HUIS staan op 'n ROTS //

57. L // WAT is daai ROTS //

58. L // JA //

'n Voorstelling van die prominente sillabes:

K.1 // MIDDEL-S LAAG-A //

2. // MIDDEL-S LAAG-A //

3. // MIDDEL-S LAAG-A //

4. // MIDDEL-S MIDDEL-A //
5. // MIDDEL-S MIDDEL-A //
6. // MIDDEL-S LAAG-A //
7. // HOOG-S MIDDEL-A //
8. // MIDDEL-S HOOG-A //
9. // MIDDEL-S LAAG-A //
10. // HOOG-S MIDDEL-A //
11. // MIDDEL-S LAAG-A //
12. // HOOG-S MIDDEL-A //
13. // MIDDEL-S LAAG-A //
14. // MIDDEL-S MIDDEL-A //
15. // MIDDEL-S en MIDDEL-A //
16. L // MIDDEL-S HOOG-A // LAAG-S MIDDEL-A //
17. L // HOOG-S MIDDEL-A //
18. L // HOOG-S en HOOG-A // MIDDEL-S LAAG-A //
19. L // MIDDEL-S en MIDDEL-A // ^{HOOG-S} MIDDEL-A // MIDDEL-S LAAG-A //
20. // HOOG-S MIDDEL-A //
21. // HOOG-S HOOG-A //
22. // MIDDEL-S HOOG-A //
23. // MIDDEL-S HOOG-A //
24. // MIDDEL-S LAAG-A //

25. // MIDDEL-S // HOOG-A //

26. // HOOG-S en HOOG-A //

27. // MIDDEL-S en MIDDEL-A // HOOG-S en HOOG-A //

28. // MIDDEL-S HOOG-A //

29. // MIDDEL-S HOOG-A //

30. // HOOG-S MIDDEL-A //

31. // MIDDEL-S en MIDDEL-A //

32. // MIDDEL-S HOOG-A //

33. // MIDDEL-S LAAG-A //

34. // HOOG-S MIDDEL-A //

35. // HOOG-S MIDDEL-A //

36. // MIDDEL-S en MIDDEL-A // HOOG-S MIDDEL-A //

37. // MIDDEL-S MIDDEL-A //

38. // MIDDEL-S LAAG-A //

39. // MIDDEL-S en MIDDEL-A //

40. // HOOG-S MIDDEL-A //

41. // MIDDEL-S MIDDEL-A //

42. L // MIDDEL-S HOOG-A //

43. L // LAAG-S en LAAG-A //

44. L // MIDDEL-S MIDDEL-A //

45. L // LAAG-S LAAG-A //

46. L // MIDDEL-S LAAG-A //

47. L // LAAG-S en LAAG-A //

48. L // MIDDEL-S LAAG-A //

49. // HOOG-S MIDDEL-A // HOOG-S MIDDEL-A //
50. L // MIDDEL-S HOOG-A // MIDDEL-S HOOG-A //
51. L // HOOG-S MIDDEL-A // MIDDEL-S LAAG-A //
52. L // HOOG-S MIDDEL-A // MIDDEL-S LAAG-A //
53. L // HOOG-S en HOOG-A //
54. L // MIDDEL-S LAAG-A //
55. // HOOG-S HOOG-A //
56. L // MIDDEL-S LAAG-A //
57. L // MIDDEL-S LAAG-A //
58. L // LAAG-S en LAAG-A //

Ter wille van duidelijkheid word 'n woordweergawe van die diskoersfragment hier ingesluit. Die verskillende hoofblokke (I-XXIV) toon die onderskeie toonepeenvolgings en die polisillabiese eenhede word met 'n L-simbool gemerk. Die kleiner omramings dui die verskillende tooneenhede aan.

I

1. hoe lyk die lig

II

2. buite en binne

III

3. hoe is dit buite

- IV
4. dis nag 5. met ander woorde dis donker
6. hoe's dit binne
- V
7. kyk bietjie 8. daar staan nag 9. en daar staan lig
- VI
10. jy kan dit gerus onderstreep 11. en dit so verbind
- VII
12. is 'n direkte kontras 13. hierso is dit nag
- VIII
14. hierso is dit lig 15. nou
16. L daar staan in reël agt plus vier in reël twaalf
17. L hierbinne is dit 18. L veilig warm en dig
- IX
19. L oraait nou weet ons hierso is dit veilig
- X
20. is dit buite veilig
21. buite is dit nie veilig nie 22. want dan is jy nie in hierdie
23. huis wat jou beskerm nie 24. so binne is dit veilig

XI

25. buite is dit onveilig

26. unsafe

27. binne

is dit warm

28. want hy het 'n vuurtjie

wat hy

29. hom by kan warm maak

30. hoe dink julle is dit buite

31. koud

32. en hier is dit warm

33. want hy't 'n vuur

XII

34. ek wonder of daar nog is

35. ek dink dis genoeg

36. mense

kan julle sien die veranderings

37. nou wil ek vir julle vra

38. by die laaste twee reëls

XIII

39. hierso

40. wat is die gevolgtrekking

41. what is the conclusion

42. L this poet

43. L or

XIV

44. L person who's talking here

45. L comes to ja

XV

46. L hy nooi hulle in

XVI

47. L ja

XVII

48. L maar wat sê hy

- | | | |
|-------|---------------------------------|--------------------------------|
| | 49. kom maar | kom maar nader |
| XVIII | 50. L dis 'n rots | waarop my huisie staan |
| | 51. L en dis die gevolgtrekking | die laaste reëls |
| XIX | 52. wat sê hy eintlik | met daai laaste reëls |
| XX | 53. L ja | |
| XXI | 54. L dit sal nie vernietig nie | |
| XXII | 55. L hoekom nie | 56. L my huis staan op 'n rots |
| XXIII | 57. L wat is daai rots | |
| XXIV | 58. L ja | |

'n Opsomming van die verbande tussen die toonopeenvolgings is noodsaaklik vir die interpretasie van die analise. Die basiese moontlikhede word vervolgens uiteengesit.

FIGUUR 6
MOONTLIKE INTONASIEVERBAND

Einde van toonop- eenvolging	Begin van toonop- eenvolging	Verband
// LAAG-A //	// HOOG-S //	Kontrastief Nuwe onderwerpgerig
// LAAG-A //	// MIDDEL-S //	Aanvullend
// LAAG-A //	// LAAG-S //	Gelykstellend Bevestigend

Die verband tussen toonopeenvolgings van die betrokke diskoersfragment:

Toonopeenvolging	Verband
K 1-2 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 2-3 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 3-4 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 6-7 LAAG-A/HOOG-S	Kontrastief
K 9-10 LAAG-A/HOOG-S	Kontrastief
K 11-12 LAAG-A/HOOG-S	Kontrastief
K 13-14 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 18-19 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 19-20 LAAG-A/HOOG-S	Kontrastief
K 24-25 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 33-34 LAAG-A/HOOG-S	Kontrastief
K 38-39 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 43-44 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 45-46 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 46-47 LAAG-A/LAAG-S	Gelykstellend
K 47-48 LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 48-49 LAAG-A/HOOG-S	Kontrastief

K 51-52	LAAG-A/HOOG-S	Kontrastief
K 52-53	LAAG-A/LAAG-S	Kontrastief
K 53-54	LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 54-55	LAAG-A/HOOG-S	Kontrastief
K 56-57	LAAG-A/MIDDEL-S	Aanvullend
K 57-58	LAAG-A/LAAG-S	Gelykstellend

3.3.3.4 ANALISE III - INTERPRETASIE

Die verband wat deur die toonopeenvolgings se intonasiekeuse gestig word, word nou geheg aan die leksiko-grammatiese betekenis van die diskoersfragment (raadpleeg die diskoersfragment en die opsomming van intonasieverband hierbo).


K (1-2): Die aanvullende verband wat geskep is deur die intonasiekeuse van die afsluitingstoonvlak van K (1) en die sleuteltoonvlak van K (2) sluit presies aan by die uitings se betekenisinhoud, in die opsig dat "buite en binne" aanvullend tot "die lig" funksioneer. K (2) kwalifiseer "die lig".

K (2-3): Hier word die vraag aanvullend tot K (2) gestel. Die herhaling van "buite" beklemtoon die tema hier.

K (3-4): Hierdie oorgang is steeds aanvullend tot die voorafgaande en verklaar "buite". Let op dat K (6) se intonasiepatroon presies dieselfde is as K (3), naamlik MIDDEL-S en LAAG-A. Hierdie herhaling van 'n eenselwige patroon binne die bestek van vier tooneenhede, verleen sterk nadruk op die tema wat hier ter sprake is.

Die eerste vier toonopeenvolgings se tematiese organisasie word vervolgens saamgevat.

FIGUUR 7
TOONOPEENVOLGINGS (I-IV)



Toonopeenvolging (I) begin met 'n vraag na die kenmerke van die "lig". In (II) word die vraag gekwalifiseer en (III) bestaan uit 'n opvolgvraag sodat hierdie drie opeenvolgings 'n eenheid in 'n nog groter geheel vorm. Die toonsegmente (vergelyk par. 2.5.2.2) van die drie opeenvolgings stem soos volg ooreen: //MIDDEL-S LAAG-A// en elke opeenvolging bestaan slegs uit een tooneenheid. Die woorde "hoe" en "buite" word in (I) asook (III) gebruik, wat die verbintenis tussen hierdie opeenvolgings versterk. Dit vorm ook deel van een ritmiese gang. 'n Opvallende verskil is egter dat die toonsillabe in (I) met 'n proclaiming of daaltoonbeweging en die toonsillabe in (III) met 'n referring of stygtoon (vergelyk par. 2.5.2.1 en 2.5.3.1), uitgespreek is:

- I. //_p hoe LYK die LIG //
- III. //_r HOE is dit BUIE //

In (I) word dus wel 'n vraagvorm gebruik, maar die uiting is nie as 'n vraag waarop 'n verbale antwoord verwag word, bedoel nie. Die daaltoon veronderstel dat 'n aspek in die diskoers ingevoer word wat nog nie aan die hoorder bekend is nie, naamlik dat dit nou handel oor "die lig" se eienskappe.

Na die kwalifisering in (II) kan die dosent in (III) 'n vraag stel. Die stygtoon daarvan bevestig dat die saak waaroor dit gaan aan die studente bekend is. In die eerste drie opeenvolgings word die diskoers dus gerig op die kontras van "buite" en "binne" ten opsigte van beligting. Verder word ook "binne" met 'n daaltoon uitgespreek teenoor die stygtoon van "buite" sodat die kontras tussen die twee woorde ook deur die intonasiekeuse hier bevestig word.

In die vierde toonopeenvolging vorm "nag" en "donker" die toon-sillabes van die eerste en daaropvolgende tooneenheid onderskeidelik. Behalwe dat albei op die middeltoonvlak uitgespreek word, is die toonbewegings ook eenselwig, naamlik 'n daaltoon. Tooneenheid (6) bevat die woord "binne" met 'n daaltoon, in teenstelling met die stygtoon van "buite" in (3), uitgespreek. Aangesien die eienskappe van "buite" in hierdie tweede toonopeenvolging ter sprake is, versterk die verwysing na "binne" in dieselfde toonopeenvolging dus die kontras waaroor dit eintlik in hierdie fragment gaan.

K (6-7): Volgens die intonasiekeuse is hier 'n kontrasterende verband gelê. Dit is 'n gevolg van die opdrag wat hier gegee word. In (6) is die student se aandag op die teks gerig. In (7) wil die dosent die fokus na die skryfbord verskuif en dit word met die kontrasterende verband beklemtoon. Coulthard en Montgomery (1981:37) beskryf hierdie verwysings (K 7) as eksofories van aard "... functioning to contextualise the discourse in some way: ..., they [asides] may link abstract description to concrete blackboard illustration or relate the process of description to some further activity to be undertaken by the audience or to some previous information supplied to

them". Hierdie asides (tersydes) vorm deel van die aanvullende diskoers en kan volgens die skrywers selfs beskou word as 'n soort sub-teks. Dit word as paradiskoers benoem om te illustreer dat dit parallel met die monoloog funksioneer. K (8) en (9) wat deel van die tersyde vorm, se intonasiekeuse is dan ook aanvullend.

In dié opsig dat die skryfbord as 'n tersyde gebruik word, merk die skrywers op dat "..., the illustrative material is referred to in the discourse and, more importantly, both shapes and is shaped by it". Vergelyk ook K (10; 13; 14; 19; 36; 39) in hierdie verband.

K (9-10; 11-12): Die kontras tussen (9) en (10) is gegrond daarop dat die studente na die handboek verwys word. Van die skryfbord af wat in (9) ter sprake is na die teks in (10). Die uiting in (11) is spesifiek hoordergerig terwyl (12) eerder onderwerpgerig is: (9) "en daar staan lig"; (10) jy kan dit gerus onderstreep"; (11) "en dit so verbind"; (12) "is 'n direkte kontras". (Vergelyk par. 3.3.3.2 - interpretasie.)

K (13-14): Die aanvullende verband is in hierdie geval gegrond op die verwysing na "hierso" - die skryfbord; "nag" en "lig" is twee kontrasterende woorde en tog binne hierdie aanvullende toonopeenvolgings, maar die dosent kontrasteer die twee woorde deur "nag" op 'n hoogtoon en "lig" op 'n laagtoon uit te spreek.

Dit blyk uit die voorafgaande hoedat intonasie interaktief werkzaam is binne die diskoers. K (13) en (14) vorm op 'n aanvullende basis deel van K (12) se "is 'n direkte kontras". K (13) en (14) verduidelik waaruit dié kontras bestaan.

K (18-19): Hier is weer eens 'n aanvullende verband. Dit is belangrik om hier raak te sien dat K (18) aan "oraait" in K (19) heg, maar dat dié tooneenheid gevolg word deur 'n hoogtoon sleutel, vergelyk "weet", sodat K (18) en K (19) inderwaarheid

kontras vertoon. Die woord "oraait" moet hier beskou word as 'n diskoersmerker. Burton (1981:65) wys daarop dat merkers soos goed, reg, wel, e.d.m. gewoonlik grense binne die diskoers aandui. In K (18) is 'n nuwe tema van die diskoersonderwerp opgehaal en "oraait" in K (19) word opgevolg met één aspek van dit wat in K (18) ter sprake kom.

Coulthard en Montgomery (a.w.:34) beklemtoon dat dit veral in 'n lesing belangrik is om die rigting van die diskoers te kommunikeer. Fokus word òf op die voorafgaande diskoers òf op die daaropvolgende maar soms ook in beide rigtings gerig. Die skrywers gebruik die terme prospektief en retrospektief vir die foci wat 'n onderwerp begin of afsluit (vergelyk ook o.a. Schiffrin, 1987:25-26).

In K (19) kan "oraait" as retrospektiewe fokus beskryf word. Vergelyk die diskoersverloop vanaf K (15) met "nou", wat as 'n prospektiewe fokuspunt funksioneer. Schiffrin (a.w.:27) beskryf die funksionele gebruik van "nou" soos volg: "Now indexes an utterance to a speaker and to upcoming text, since it marks the speaker's attention to a new subpart of a discourse or shift to a new orientation." (Aksentuering deur D. Schiffrin.) Met "oraait" in K (19) word bedoel dat ons nou weet wat die hooftema is, soos aangekondig in K (17) en (18) en dit word dan ook met "nou weet ons hierso is dit veilig" geherformuleer, sodat die hoorder 'n aanduiding kry dat die volgende mini-onderwerp rondom "veilig" sentreer.

Indien die studente nie hierdie binding wat op die leksiko-grammatiese vlak en die intonasievlak voltrek word, snap nie, kan die lesing soos een lang rits opeenstapeling van proposisies voorkom. Uit die voorafgaande spreek die interaktiewe aard van diskoers. Die dosent se intensie word onderhandel (vergelyk par. 2.4.1.1).

Die gebruik van 'n polisillabiese laagtoon vanaf K (17-19) vervul hier 'n besondere funksie. Dit onderskei in samewerking met

die diskoersmerkers "nou" en "oraait" die nuwe onderwerporiëntering. Behalwe om die fatiese funksie uit te druk (vergelyk analise I), is die polisillabiese toonhoogte dus ook in hierdie diskoers gebruik om die dosent se uitings tematies te organiseer. Erickson (1984:144) beskryf die polisillabiese toonhoogte as 'n toonhoogte register wat sekere dele van die uitings as side sequence[s] onderskei. In hierdie geval is die funksie daarvan om deur middel van die kontras wat dit skep, K (17-19) af te sonder van die geheel en sodoende die tema te benadruk. Die polisillabiese toonhoogte dra op hierdie wyse by tot die diskoersorganisasie en word strategies deur die dosent benut.

K (24-25): Die aanvullende aard van die intonasiekeuse kom hier met die eerste oogopslag vreemd voor, aangesien daar kontras tussen "binne" en "buite" bestaan, maar die dosent het reeds in K (20) wat die begin van hierdie toonopeenvolging verteenwoordig die kontras tussen "binne" (vergelyk K (10)) en "buite" (K (20)) met kontrasterende toonhoogte bewerkstellig. In K (24) en (25) val die klem op "veilig" en "onveilig" en daarom word hierdie twee prominente sillabes onderskeidelik deur 'n laagtoonafsluiting en hoogtoonafsluiting gekontrasteer. Dit verklaar waarom K (24) en (25) 'n aanvullende verband het.

K (33-34): Die twee toonopeenvolgings se kontrastiewe verband word baie opvallend hier deur die leksiko-grammatika weerspieël. K (33) vorm 'n afsluiting van die voorafgaande tema, want K (34-35) is duidelik hoordergerig en dus interpersoonlik van aard. Hierdie feit word op drievoudige wyse deur die dosent gekommunikeer. Eerstens is dit in kontrastiewe verband met die voorafgaande intonasiekeuse - 'n laagtoon afsluiting K (33) en 'n hoogtoon sleutel in K (34); tweedens word die polisillabiese toonhoogte in K (34-35) gebruik en derdens is die fokus in K (34) prospektief en dié in K (35) retrospektief van aard. Alhoewel K (34-35) intern aan 'n toonopeenvolging is, is dit die polisillabiese toonhoogte wat hierdie twee reëls uitsonder as die beëindiging van 'n tema. Die betekenisinhoud van "ek dink

dis genoeg" word met ander woorde deur die intonasiekeuse gekomplementeer.

K (38-39): Die dosent se uiting in K (37) se funksie word deur Burton (1981:66) soos volg beskryf: "... these requests for speaker's rights (...) occur as pre-topic items, ...". Indien die dominante rol van die dosent in gedagte gehou word, kom K (37) asof onnodig voor, die teendeel is egter waar. Die uiting kondig in hierdie diskoers nie net 'n nuwe temagerigheid aan nie, maar wil juis die hoorder se aandag op hierdie nuwe gerigheid vestig.

Die aanvullende aard van K (38-39) word op die uiting in K (37) gebaseer. Deur die hoordergerigte uiting in K (37) is die kommunikasiekanaal oop en dit word gevolg deur die ontplooiing van die nuwe tema. Die begin van die volgende toonopeenvolging in K (39) is baie spesifiek op die studente ingestel. Vergelyk die bespreking van K (6-7).

K (43-44): Om die aanvullende verband in hierdie geval te verklaar, moet K (41) se verwysing na "poet" ook in aanmerking geneem word. Die dosent het in 'n agterna-gesprek daarop gewys dat hier eintlik 'n verspreking ter sprake is. Die bedoeling was nie om "poet" as die verteller van die gedig te beskou nie. Die opname lewer bewys van hierdie feit, daar die huiwerende manier van praat hoorbaar is aan die versteurde ritme wat in hierdie uiting voorkom. Die gebruik van kodewisseling en polisillabiese toonhoogte soos dit hier voorkom is reeds bespreek (vergelyk analise II).

K (45-46): Die laagtoon afsluiting in K (45) word gevolg deur 'n onhoorbare antwoord van 'n student. Die vraag-antwoord-opvolg aspek verklaar dus die aanvullende verband tussen K (45) en (46). Die dosent bevestig die student se antwoord op 'n aanvullende wyse in K (46).

Die polisillabiese toonhoogte van K (42-47) is in 'n fatiese hoedanigheid aangewend. Die saak word hieronder breedvoeriger bespreek, aangesien K (42-58) ongeveer as geheel in 'n laer toonhoogte as die voorafgaande tooneenhede realiseer.

K (47-48): In hierdie toonopeenvolgings word die onderwerp en die studente, se direkte betrokkenheid by mekaar geïllustreer deur die "ja" wat gerig is op die studente en dadelik met 'n onderwerpgeoriënteerde vraag aangevul word. Dit is dus weer eens die dosent wat die interaksie hier bewerkstellig en beheer. Die lae toonvlak van "ja" in K (47) verhoed dat die student bloot met "nee" kan antwoord. Die gelykstellende verband tussen K (46) en (47), veronderstel dat "ja" die inhoud van K (46) bevestig, terwyl die aanvullende verband tussen K (47) en (48) die tema in vraagvorm aan die studente rig sodat "ja" die hoordergerigte aard van hierdie toonopeenvolgings kommunikeer. Dit is vanuit hierdie perspektief dat polisillabiese toonhoogte in die spesifieke geval 'n fatiese funksie vervul.

K (48-49): Die afstand doen van polisillabiese laagtoon in K (49) kontrasteer hierdie tooneenheid met K (48). Albei die tooneenhede in K (49) word op presies dieselfde manier uitgespreek en in 'n besonder hoë toonaard. Die uitings verkry sodoende 'n nabootsende effek en is gewis hoordergerig en as 'n metode van nadruk aangewend. Die opname konstateer die afleiding aangesien die studente die uitings saam met die dosent eggo. Die dosent se funksionele gebruik van intonasie het hier die gewenste uitwerking.

K (51-52): Die kontrastiewe verband tussen hierdie twee toonopeenvolgings is gegrond op die funksie waarvoor taal hier aangewend word. K (51) is informatief terwyl K (52) direk op die studente gerig is en sodoende ook 'n fatiese funksie vervul. Die tooneenhede vanaf K (49-52) word baie heg saamgebind deur 'n egalige en vinnige ritmiese gang. Die vraag in K (47) en dié een in K (52) vorm as't ware 'n raamwerk waarbinne die eerste gevolgtrekking weergegee is.

K (52-53): Die gebruik van "ja" in K (53) is met 'n hoogtoon uitgespreek en die gepaardgaande referring - toon verleen ekstra prominensie. Die skerp stygtoon (r+) bevestig die dosent se dominante houding (vergelyk analise I). In K (52) is die vraag aan al die studente gerig, maar in K (53) nomineer die dosent 'n spesifieke hoorder. Dit verklaar die kontrastiewe verband tussen K (52) en (53).

K (54-58): Die tooneenhede het 'n eenselwige patroon van 'n afwisselende stelling-en-vraag kombinasie. Die stelling in K (54) en opvolgvraag in K (55) se kontrasterende intonasie spreek vanself. Alhoewel die volgende twee tooneenhede, K (56-57) ook uit 'n stelling-vraag bestaan, is die verband aanvullend omdat die kernwoord "rots" herhaal word in die vraag. Die "ja" in K (58) verteenwoordig die dosent se reaksie op die studente se beantwoording van die vraag. Die laagtoonvlak en dalende toonbeweging van "ja" wys dat die dosent die studente se antwoord aanvaar (vergelyk Gosling, 1981:164). Dit is ook gelykgestel aan die vraag in K (57) aangesien hierdie vraag 'n fatiese funksie vervul, sodat "ja" nie net 'n antwoord op die studente se antwoord is nie, maar ook 'n spesifieke interpersoonlike funksie vervul.

Die laaste aspek waarna reeds in die voorafgaande verwys is, behels die dosent se funksionele benutting van polisillabiese laagtoon. Die gebruik daarvan in K (17-19) is deeglik genoeg hierbo uiteengesit. K (42-58), is met uitsondering van (49) (vergelyk die bespreking hierbo), konstant in 'n laer toonaard. Die feit dat die dosent in hierdie gedeelte besig is om die onderwerp af te sluit, verg die toegespitste aandag van die studente. Binne die bestek van hierdie sestien reëls word dus vyf vrae gestel, terwyl daar in al die voorafgaande veertien reëls slegs ses vrae gestel is, waarvan een in elk geval oor die gevolgtrekking handel (K 40).

Die dosent gebruik in (42-58) gelyktydig die fatiese en informasionele modi deur van vrae gebruik te maak. Die feit dat daar

hier so baie vrae gestel word, toon dat die betrokke gedeelte in die eerste plek sterk hoordergeoriënteerd is. Die polisillabiese laagtoon onderskei hierdie gedeelte van die voorafgaande, maar die laer toonhoogte verstadig ook die tempo sodat dit aan dié gedeelte 'n bepaalde nadruklikheid verleen. Polisillabiese toonhoogte word dus deur die dosent strategies benut om intensie oor te dra.

3.3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n sistematiese werkswyse gevolg om die funksionele aanwending van intonasie deur 'n spesifieke dosent te ondersoek. Die data is 'n korpus spontane taalgebruik wat opgeneem is tydens die aanbieding van Afrikaans aan Sothosprekende studente van die betrokke onderwyskollege. 'n Verteenwoordigende aantal fragmente is doelgerig ontleed in 'n poging om die probleem (vergelyk hoofstuk 1) van hierdie ondersoek op te los.

Daar is in die analises gepoog om vas te stel hoe die dosent intonasie, kode- en stylwisseling strategies aanwend om sprekersintensie aan die studente oor te dra. Die bevindings van die ondersoek word in hoofstuk 4 bespreek.

HOOFSTUK 4 GEVOLGTREKKING

4.1 INLEIDING

Met die ondersoek is beoog om vas te stel hoe 'n dosent linguistiese taalmiddele strategies in die onderrig van Afrikaans aan Sothosprekende studente aanwend om sy intensie effektief oor te dra. Die sosiale konteks van taalgebruik bestaan uit drie diskoerskategorieë, naamlik die diskoerssfeer, -strekking en -modus (vergelyk par. 2.3.1.1). Hierdie dimensies veronderstel spesifieke sosiosemantiese patrone of registers wat in teks realiseer. Die teks of semantiese eenheid enkodeer in die leksikogrammatiese en fonologiese sisteme van 'n taal. Teks is dus nie 'n statiese gegewe nie, maar 'n proses. Gespreksdeelnemers oefen van oomblik tot oomblik keuses uit ten opsigte van die linguistiese middele tot sy beskikking. Die situasionele faktore en die doel waarvoor taal aangewend word, bepaal 'n spreker se keuses (vergelyk par. 2.2.3).

4.2 DIE OORSPONKLIKE PROBLEEMSTELLING

Hartley (1982:70) tref 'n onderskeid tussen die informatiewe en interpersoonlike funksies. Dit word deur die skrywer as twee hoof funksies van taal beskou. Hierdie sienswyse vind aansluiting by Coulthard en Montgomery (1981:35) se bevinding dat 'n interaksie tussen twee modi, naamlik onderwerpgeoriënteerde of hoordergerigte uitings, die basiese verloop van 'n lesingmonoloog vorm. Die funksies en die formaliteitsgraad van die gespreksonderwerp, die rolverwantskap van die deelnemers en die diskoersmodus beïnvloed die taal- en stylkeuse van 'n spreker (vergelyk par. 2.2.4.1). Die vermoë om effektiewe keuses uit die linguistiese sisteem te maak waarmee sprekersintensie oorge- dra word, is kultuurgebonde en is binne 'n etnolinguistiese raamwerk ondersoek. Aangesien die proses konvensioneel is, is

dit etnies spesifiek en word deur intensiewe interaksie aangeleer (vergelyk par. 2.4.1.1).

Die strategiese gebruik van intonasie as kodewisselingsmiddel om sprekersintensie oor te dra, het die kern van hierdie ondersoek gevorm (vergelyk hoofstuk 1). Aangesien die gebruik van intonasie net soos al die ander linguistiese middele, konvensioneel van aard is, kan 'n hoorder tydens interkulturele kommunikasie dikwels 'n spreker se intensie misverstaan. Die drie diskoerskategorieë wat as teksdeterminante funksioneer, sal in alle etniese groepe byvoorbeeld die rolverwantskap van sprekers as 'n kontras tussen formeel of informeel, intiem of op 'n afstand asook 'n tipiese meerderheids- of minderheidsposisie onderskeidelik, bepaal. Fowler (1974:224) beklemtoon egter dat "... the facts of particular societies will determine just who is acknowledged as superior to who; just what constitutes a 'formal' situation, etc.". Kodewisseling, met inbegrip van stylregister, skeep in die onderrig van Afrikaans aan Sothosprekende studente 'n probleem wanneer die studente nie die gepaard gaande intonasiekontraste korrek vertolk nie.

'n Analise van 'n klaskamerdiskoers is gemaak, om vas te stel in hoe 'n mate die dosent intonasie as kodewisselingstrategie gebruik.

4.3 EVALUERING VAN DIE ONDERSOEKMETODE

'n Klaskamerdiskoers is as data gebruik omdat dit 'n voorbeeld van natuurlike diskoers lewer. Dit verteenwoordig 'n omvangryke korpus waarin die reëlmatige samehang tussen situasionele faktore en taalvorm ondersoek is. Alhoewel spontane interaksie op die oog af onbepland voorkom, was dit moontlik om deur middel van 'n sistematiese diskoersanalise die funksionele gebruik van intonasie te ondersoek. Die resultaat is tiperend van die betrokke situasie en kan nie noodwendig uitgebrei word na ander situasies nie.

In die ondersoek is die wyse waarop intonasie deur die dosent gebruik word om tussen onderwerpgeoriënteerde en hoordergerigte uitings te onderskei, bepaal. Die diskoersmodel (vergelyk par. 3.3.1.1) wat vir die doel van hierdie ondersoek gemaak is, is saamgestel om kenmerke van die situasionele dimensies van die betrokke situasie weer te gee. Die insigte van skrywers soos Halliday (1978:62, e.v.), Wybenga (1987:5, e.v.), Coulthard en Montgomery (1981:31-39), Johns-Lewis (1986:199, e.v.) en Gumperz (1982:10, e.v.) is verwerk en binne hierdie model verreken. Die betrokke diskoers is ontleed deur die situasionele dimensies sistematies in verband met die intonasiekeuses van die dosent te bring. Geen taaluiting verrig net een funksie nie. Hartley (1982:72) konstateer die feit soos volg: "Any speech act is likely to serve several functions simultaneously, thus it is their relative importance, the role relationship binding the speakers and the prevailing behavioural norms, all culturally determined, which will mould the speaker's ultimate choice." Daar is in hierdie ondersoek op twee oorhoofse funksies, naamlik die informatiewe en fatiese funksies van intonasie, gekonsentreer (vergelyk ook Brown en Yule, 1983:1). Die motivering hiervoor is dat 'n dosent in die onderrigsituasie veral daarop ingestel is om temagesentreerde inligting op 'n beredeneerde wyse oor te dra aan studente. Die diskoers verloop hoofsaaklik soos 'n monoloog en stel daarom in die besonder die eis aan 'n dosent om voortdurend te verseker dat die kommunikasiekanaal effektief opereer. Hoordergerigte uitings het daarom gereeld in die diskoers voorgekom. Die twee tersaaklike taalfunksies het 'n wisseling tussen 'n formele en informele styl tot gevolg en dit vind neerslag in die dosent se intonasiekeuse (vergelyk analise III). Die rol van nie-vokale kommunikasie is buite rekening gelaat, maar dit moet beklemtoon word dat hierdie saak in samehang met prosodie 'n meer volledige opvolgondersoek kan bewerkstellig. Aangesien die ondersoek handel oor die dosent se strategieë, is die beperkte deelname van die studente weens die oorwegende monologiese verloop van die diskoers, nie ingesluit by die ondersoek nie.

Die diskoers is in tooneenhede verdeel deur die prominente sil-labes te bepaal (vergelyk bylae B). Die verskillende toonopeenvolgings is daarna geïdentifiseer op grond van die laagtoon afsluitingsvlakke van die verskillende tooneenhede. Coulthard en Brazil (1981:105) noem in hierdie verband die volgende: "Pitch sequences [toonopeenvolgings] are often closely associated with topic - speakers appear to use a drop to low termination [afsluitingsvlak] to signal their apprehension that a particular mini-topic is ended." Die begin van elke toonopeenvolging (vergelyk par. 2.5.2.3) is vergelyk met die laagtoon waarop die voorafgaande beëindig is. Drie moontlike verbande is in ag geneem, naamlik kontrastief (laagtoon afsluitingsvlak - hoogtoon sleutelvlak); aanvullend (laagtoon afsluitingsvlak-middeltoon sleutelvlak) en gelykstellend (laagtoon afsluitingsvlak - laagtoon sleutelvlak) (vergelyk par. 2.5.2.1). Na aanleiding hiervan is bepaal watter funksie intonasie vervul ten opsigte van die logiese ontplooiing van die hoofonderwerp en of die gebruik daarvan 'n indikasie gee van die onderskeid tussen onderwerp- en hoordergerigte inligting. Daar is ook bepaal watter uitings bewys lewer van die polisillabiese laagtoon (vergelyk par. 2.5.2.3) en die funksies wat dit verrig.

Die identifisering van die diskoerstonvlakke het verskeie probleme opgelewer. Die opname is belemmer deur agtergrondsteurnisse (vergelyk par. 3.2) aangesien dit gemaak is sonder die gespreksdeelnemers se wete sodat 'n voorbeeld van spontane taalgebruik verkry kon word. Die ideaal sou wees om 'n opname wat masjienverwerkbaar is te verkry, maar so 'n moontlikheid is waarskynlik uitgesluit by 'n natuurlike taalondersoek. Graddol (1986:223-224) wys egter daarop dat die akkuraatheid van selfs instrumentale meting nie sonder probleme is nie. Die skrywer stel een van die belangrikste probleme soos volg: "... instantaneous pitch is as indeterminate to the ear as to laboratory instruments. Since most of the experimental work on pitch perception which exists has not made use of naturally jittered speech, the response of the ear to such signals is incompletely understood." Daar is in hierdie ondersoek gepoog

om so 'n akkuraat as moontlike weergawe van die toonvlakke te gee. Eksterne evidensie is in die verband ingewin om die transkripsie te verifieer (vergelyk par. 3.2.4). Die gelyktydige vasstel van toonvlak- én toonbewegingkeuse in die toonsil-labe skep die gevaar dat 'n kombinerings van laagtoonvlak met stygtoonbeweging daartoe kan lei dat die toonvlakkeuse verkeerde-lik as 'n middel- of hoogtoon gehoor kan word. Die probleem is veral ervaar in die geval waar 'n uiting soos "ja" gebruik is om 'n antwoord te ontlok. Vergelyk reël 58 van die diskoersfrag-ment wat vir analyse III (par 3.3.3.5) aangewend is. Hierdie probleem verg dat daar baie fyn na die betrokke klanke geluister moet word. Daar is aanvanklik gemeen om ook die styg- en daaltoon funksies in die diskoers te analiseer maar om redes soos hierdie is afgesien van die voorneme en hoofsaaklik op die toonvlakkeuses gekonsentreer.

Die transkripsietekens wat gebruik word, is gebaseer op Brazil (1981:39, e.v.) se metode (vergelyk par. 2.5.2.1 en 3.3.2.1). Dit was nodig om sekere terme te vertaal aangesien daar geen weergawe daarvoor in Afrikaans gevind kon word nie.

Michaels en Collins (1984:232-233) som die probleem ten opsigte van 'n ondersoek na prosodiese funksies soos volg op: "The difficulty facing researchers concerned with prosodic cues and their functions is that prosody is at once pervasive and yet elusive. It is more context-sensitive and inherently variable than lexical items and syntactic constructions. Hence, this functional characteristics are less generalizable, less encodable; in a rough and ready sense, less grammatical."

In die lig van al die genoemde probleme, moet hierdie ondersoek beskou word as 'n voorlopige poging om die groot leemte wat bestaan in ondersoeke van dié aard ten opsigte van Afrikaans, te help vul.

4.4 BEVINDINGS

4.4.1 ANALISE I

In hierdie analise verteenwoordig die een groep fragmente (aangedui met A) die informatiewe funksie van taal en die B-groep fragmente die interpersoonlike taalfunksie (vergelyk par. 4.2). Op grond daarvan dat taalfunksies 'n bepaalde aspek van die diskoersmodus is (vergelyk Halliday, 1978:223), is twee modi in die gekose fragmente ter sprake, naamlik die informatiewe en die fatiese onderskeidelik.

Daar is bevind dat die hoordergerigte B-fragmente gekenmerk word deur 'n algehele laer toonhoogte of polisillabiese laagtoon - langs die B-fragmente met 'n L-simbool aangedui. Hierdie fragmente is verder gekenmerk deur 'n fatiese modus in teenstelling met die informatiewe modus van die A-fragmente.

Die onderwerpgeoriënteerde A-fragmente toon 'n formele stylregister, terwyl die hoordergerigte B-fragmente, in kontras met eersgenoemde deur middel van polisillabiese laagtoon, 'n meer informele styl handhaaf (vergelyk par. 2.2.3 en 2.3.3.1.1). Die laer toonhoogte skep 'n atmosfeer van vertroulikheid. Die dosent maak strategies gebruik van intonasie om die stylwisseling van formeel na minder formeel aan die studente oor te dra (vergelyk par. 1.3) en op hierdie wyse funksioneer intonasie dus as 'n kontekstualiseringsaanwyser. Die dosent se intensie om die kommunikasiekanaal oop te hou, word deur die gebruik van die polisillabiese laagtoon en die gevolglike stylwisseling, aan die studente gerig. Dit wil nie sê dat polisillabiese toonhoogte slegs hierdie funksie vervul nie (vergelyk analise III).

In fragment A (1.1) tot (1.3) vind die formaliteitsgraad van die rolverwantskap, dosent-student, duidelik neerslag in die toonbewegings van die toonsillabes (vergelyk par. 2.5.3.1). Die gebruik van 'n referring - skerptoon (r+) dui in die eerste plek daarop dat die dosent met hierdie intonasiekeuse 'n aanduiding

gee van die spreker-hoorder verhouding op die oomblik van die uiting. Die gebruik van 'n refferring - toonbeweging konstateer dat die onderwerp van die diskoers aan al die gespreksdeelnemers bekend is. In die genoemde fragmente benut die dosent egter 'n skerp stygtoon en hierdie keuse is gebaseer op die rolverwantskap waarin die dosent 'n dominante rol vertolk in soverre dit die hiërargiese orde betref (vergelyk par. 4.2). In die analise is die skerp stygtoon (r+) (vergelyk par. 2.5.2.1) in A (1.1) tot (1.3) aangetoon. Die dosent gebruik hierdie toonbeweging om sy dominansie rakende die onderwerp en ten opsigte van die dosent-student verhouding oor te dra. Dit is dus die situasionele dimensies van diskoerssfeer, -strekking en ook die diskoersmodus (in hierdie geval informatief) wat realiseer in die intonasiekeuse.

In A (1.1) is ook sprake van die proclaiming-skerptoon. Die betrokke intonasiekeuse van nee reflekteer weer eens die dosent se dominante rol asook dat 'n nuwe uitgangspunt oorgedra word (vergelyk par. 2.5.3.1).

4.4.2 ANALISE II

Die toonvlakkeuses van die fragmente (C tot H) is vasgestel en in verband met die kodewisseling wat die dosent hier gebruik, gebring. Gegronde op die gelykstellende en aanvullende verband tussen daardie twee tooneenhede (vergelyk par. 3.3.3.6) waarin telkens van kode verwissel word, is die funksie van kodewisseling in hierdie geval eerstens daarop gerig om inligting te herhaal ter wille van beklemtoning. Met die nagaan van die woordkeuse is bevind dat die wisseling: "geloof" as "faith", drie maal binne een toonopeenvolging (vergelyk bylae B) voorkom. Alhoewel die herhaling met die oog op nadruk gebruik is, is in 'n opvolggesprek met die dosent vasgestel dat die wisseling tussen Afrikaans en Engels in die betrokke klas-kamerdiskoers en wat hierdie dosent aangaan, ook altyd 'n fatiese funksie het. Die dosent toon dus sensitiwiteit daarvoor

dat die studente 'n woord beter sal begryp indien dit op Engels herhaal word. Maar in die geval van hierdie spesifieke dosent, reflekteer die gebruik van Engels ook 'n we-code (vergelyk par. 2.2.4.2). Kodewisseling vervul dus sodoende 'n fatiese funksie. Die funksie van taal is hier interpersoonlik van aard (vergelyk par. 4.2).

In die analise van fragmente (I en J) waar die kodewisseling oor 'n paar tooneenhede heen strek, is bevind dat dit aansluit by die uiteensetting hierbo in verband met die fatiese funksie daarvan. Die twee fragmente is egter afgesonder omdat hier ook sprake is van polisillabiese toonhoogte, waardeur die betrokke uitings effektief gemerk word. Die fatiese aard van die uitings word dus beklemtoon deur die kodewisseling in samewerking met die polisillabiese toonhoogte. Die inhoud van die betrokke fragmente weerspieël 'n meer informele stylregister: in I (7.2 tot 7.5) die herhaalde gebruik van "you've" en in J (8.3) 'n verwysing na die dosent self met "I", wat toon dat die verhouding dosent-student nou op 'n informeler basis berus.

Kode- en stylwisseling vind hier gelyktydig plaas omdat Engels in hierdie geval geassosieer word met 'n informele, persoonlike trant. Kodewisseling het dus ook 'n sosiale implikasie, afgesien van die linguistiese belang (vergelyk analise I) daarvan. Dit weerspieël die houdingsingesteldheid van die studente wat deur die dosent gerespekteer is en strategies deur middel van kodewisseling intensioneel benut is.

Die bevinding sluit aan by Gumperz en Cook-Gumperz (1982:12 e.v.) se beskouing dat kontekstualiseringsaanwysers soos kodewisseling en intonasie, kultuurgebonde is (vergelyk par. 2.3.3.1). Gumperz (1982:96) beklemtoon "... that while basic conversational principles are universal and apply to verbal exchanges of all kinds, the way they are articulated in situ is culturally and subculturally specific". Daar is nie met hierdie ondersoek vasgestel of kodewisseling soos dit deur die dosent in die betrokke diskoers aangewend is, as algemeengeldend beskou

moet word nie. Die vermoede dat dit wel so is, bestaan omdat ek deur waarneming vasgestel het hoe dikwels Afrikaanssprekende dosente verbonde aan hierdie onderwyskollege tydens informele interaksie met studente, Afrikaans en Engels afwisselend gebruik.

4.4.3 ANALISE III

In hierdie analise is uiteengesit dat die drie moontlike verbande, naamlik kontrastief, aanvullend en gelykstellend, wat tussen tooneenhede bestaan (vergelyk analise II) nie net intern aan 'n toonopeenvolging is nie, maar op soortgelyke wyse ook tussen verskillende toonopeenvolgings funksioneer. Hierdie verbandlegging is verbind aan die betekenisinhoud van die betrokke uitings.

Daar is aangetoon dat die verskillende toonopeenvolgings 'n diskoers tematies rig. 'n Spreker gebruik dus intonasie op 'n planmatige wyse om die verband tussen eenhede te kommunikeer asook om tussen onderwerp- en hoordergeoriënteerde dele te onderskei. Daar is vasgestel dat die laasgenoemde taak ook deur die toepassing van polisillabiese toonhoogte kan geskied (vergelyk par. 3.3.3.6).

Die analise kan nie beskou word as 'n volledige weergawe van die kommunikatiewe gebeure nie, aangesien slegs die sprekersrol weergegee word en nie alle intonasie funksies verantwoord word nie. Gosling (1981:160, e.v.) wys ook op die gelyktydige funksie van intonasie en nie-vokale kommunikasie en merk die volgende op: "... discourse intonation is seen as a formal level, and it is proposed here that a new level be created, called KINESICS, which includes all those meaningful gestures or sequences of gestures which realise interactive functions in face-to-face communicative situations" (a.w.:163; aksentuering deur J. Gosling). Hierdie analise is net volledig in soverre dit die doel wat hierbo genoem is, nastreef.

Diskoers verander voortdurend op grond van die situasionele determinante (vergelyk par. 2.3.3.1.1) en 'n spreker varieer taalgebruik dienooreenkomstig. Daar is in analise III getoon hoedat intonasie kontrastiewe, aanvullende en vergelykende verband lê tussen die verskillende toonopeenvolgings. Couper-Kuhlen (1986:198) merk die volgende op: "... similar to the semantic cohesion which characterizes texts, intonation creates a prosodic cohesion which binds the tone-units in a phonological text or section of text".

Hierdie intonasiekeuse is nie op 'n stel voorafbepaalde reëls gebaseer nie, maar op die funksie van die betrokke groep uitings. Die diskoersfragment is ontleed vanuit die perspektief dat dit deel vorm van 'n groter geheel (vergelyk par. 3.3.3.5). Die interpretasie van die onderskeie toonopeenvolgings is afhanklik van daardie eenhede wat dit voorafgaan of van wat daarop volg. Die hegtheid tussen die eerste vier toonopeenvolgings (vergelyk par. 3.3.3.5) word ter illustrasie in 'n skematiese vorm weergegee.

FIGUUR 8

TEMATIESE ORGANISASIE

Verband	Toonopeenvolging	Tooneenheid	Gebruik van taal	Temawoorde
Aanvullend	I	1	Rig tema in vraagvorm	hoe ... lig
Aanvullend	II	2	Kwalifiseer tema d.m.v. kontras	buite ... binne
Aanvullend	III	3	Rig vraag n.a.v. kontras in (I en II)	hoe ...
Aanvullend	IV	4 5 6	Beantwoord vraag in (III) Herformuleer antwoord Rig vraag n.a.v. tema en kontras in (I en II)	nag donker hoe ... binne

In die analise van hierdie toonopeenvolgings (vergelyk par. 3.3.3.6) het dit geblyk dat die dosent intonasie gebruik om 'n aanvullende verband te lê tussen die eenhede. So word die tema

stelselmatig uitgebrei om 'n groter kommunikatiewe eenheid, naamlik die diskoers, te realiseer.

Kodewisseling wat in die diskoersfragment (I-XXIV) voorkom, word dus ingesluit by hierdie proses. In die analise is twee hoof-funksies van taal en ook van kodewisseling, naamlik die informasionele en interpersoonlike (faties en direktief) funksies onderskeidelik, bespreek. As 'n opsomming van die bevindings in analise III volg 'n skematiese voorstelling van die toonopvolgings, die temawoorde, die polisillabiese laagtoon en die oorhoofse funksies van die leksiko-grammatiese en intonasie keuses van die dosent, asook die verband tussen die toonopvolgings.

FIGUUR 9

VERSPREIDING VAN TEMAWOORDE BINNE DIE DISKOERSFRAGMENT (K7-58)

Toonop-eenvolging	Tema woorde	Verband	Polisillabiese laagtoon	Oorhoofse funksie
I	hoe ... lig?	Aanvullend		
II	buite ... binne	Aanvullend		I
III	hoe ... buite?	Aanvullend		N
IV	nag ... donker; hoe ... binne?	Kontrasterend		F
V	nag ... lig	Kontrasterend		O
VI	onderstreep ... verbind	Kontrasterend		R
VII	direkte kontras; hierso ... nag	Aanvullend		M
VIII	nou ... daar staan; hierso, lig; binne ... veilig, warm,	Aanvullend	L (vanaf: daar staan)	A
IX	oraait ... hierso ... veilig,	Kontrasterend	L	T
X	buite ... veilig? buite ... nie veilig; binne ... veilig	Aanvullend		I
XI	buite ... onveilig, unsafe; binne ... warm; vuurtjie ... warm; buite? ... koud; hier ... warm; vuur	Kontrasterend		E
				F
XII	ek wonder; ek dink; sien ... verandering; laaste ... reëls	Aanvullend	L (ek wonder ek dink)	I
XIII	wat ... gevolgtrekking? what ... conclusion?	Aanvullend	L (na: conclusion)	N
XIV	person who's talking ... ja?	Aanvullend	L	T
XV	nooi in;	Gelykstellend	L	E
XVI	ja	Aanvullend	L	R
XVII	wat?	Kontrasterend	L	P
XVIII	kom ... maar; kom ... maar rots ... staan; dis ... gevolgtrekking; laaste reëls	Kontrasterend	L (vanaf: rots)	E
XIX	wat ... laaste reëls?	Kontrasterend	L	R
XX	ja?	Aanvullend	L	S
XXI	nie vernietig	Kontrasterend	L	O
XXII	hoekom nie? huis ... rots	Aanvullend	L	O
XXIII	wat ... rots?	Gelykstellend	L	N
XXIV	ja		L	L

In toonopeenvolgings (I-XI) gaan die dosent besonder informatief te werk. Die digte woordverspreiding en baie herhaling lewer bewys van hierdie funksie. In paragraaf 3.3.3.6 is 'n volledige uiteensetting van die verband tussen die opeenvolgings gegee. Die tema word vanaf die eerste opeenvolging op 'n georganiseerde wyse ontplooi. Die kodewisseling in (XI) is deel van die informatiewe modus. Appel en Muysken (1987:30, e.v.) is van

mening dat "... different languages may fulfil different functions in the lives of bilingual speakers, (...) a choice for one particular language may signal the primary functions appealed to at that moment". In hierdie geval is die kodewisselingfunksie ooglopend, en kan kwalik aanleiding gee tot misverstand. Die funksie van kodewisseling is hier gebaseer op die verband wat deur intonasie geskep is en die plek wat dit beklee in die groter geheel.

Van (XII) af word die gevolgtrekking van die diskoers saamgestel. Die toonopeenvolgings (XII-XXIV) is hoordergerig en verteenwoordig oorhoofs die interpersoonlike taalfunksie. Hierdie gedeelte word ook nog onderskei van die voorafgaande deur die polisillabiese laagtoon wat so te sê dwarsdeur gehandhaaf word. Die dosent verleen daarmee nadruk aangesien die tempo ook oorwegend stadiger as in (I-XI) is. Die studente word deur vrae betrek by die diskoers, sodat 'n informeler styl as in (I-XI) hier geld. Alhoewel die studente nou pertinent by die diskoers betrokke is, is dit steeds die dosent wat die gang daarvan rig. In die analise (vergelyk par.3.3.3.5 en 3.3.3.6) is vasgestel dat die polisillabiese toonhoogte hier beskou kan word as 'n aanduiding van die gedeelte se informeler aard. Die informele styl, met ander woorde stylwisseling, pas by die rolverwantskap wat op hierdie stadium gehandhaaf is. Dit is dus veral die diskoersmodus (faties of informatief) en diskoersstrekking (rolverwantskap : informeler) wat die formaliteitsgraad van die betrokke klaskamerdiskoers bepaal en verander, maar die diskoerssfeer wat aan "aanbied van 'n gedig" verander na "saamvat van 'n gedig" is ook 'n determinant van die dosent se keuses uit die linguistiese sisteem. Die drie situasionele komponente determineer in elk geval gesamentlik hierdie keuses.

4.5 OPSOMMING VAN DIE BELANGRIKSTE INSIGTE

Die belangrikste insigte wat uit die analise in hoofstuk drie volg, is hier saamgevat.

4.5.1 KEUSE VAN 'N DISKOERS EN ONDERSOEKMETODE

In 'n etnolinguistiese ondersoek soos die onderhawige is die analise van natuurlike taalgebruik van uiterse belang, want die keuses wat die spreker uit die linguistiese sisteem maak, is hiervolgens 'n spontane voorbeeld van wat werklik met taal gedoen word. 'n Klaskamerdiskoers lewer uit die aard van die diskoerssfeer 'n geskikter weergawe van hoe 'n spreker diskoers planmatig ontwikkel, as byvoorbeeld alledaagse gesprekvoering tussen twee vriende, sonder om die natuurlikheid daarvan in te boet (vergelyk par. 3.2.1). Daar word dikwels verwys na die feit dat die data van 'n ondersoek die gerigtheid daarvan moet reflekteer. Ek is van mening dat die toepaslikheid van 'n diskoers vroegtydig vasgestel kan word deur waarneming van die diskoerssfeer, -strekking en -modus wat tipiese diskoers sal lewer. Op grond van so 'n waarneming kan die ondersoeker besluit waar hy sy data moet versamel, soos toepaslik vir die doel van sy ondersoek. In my ondersoek is byvoorbeeld besluit op 'n klaskamerdiskoers omdat ek daarvan bewus is dat die dosente aan die betrokke onderwyskollege gereeld gebruik maak van kode- en stylwisseling.

Die belang van 'n volledige diskoersweergawe is in hierdie ondersoek besef. Om werklik te bepaal hoe en waarom taal op 'n spesifieke manier gebruik word, moet die diskoers (vergelyk bylae A) minstens oorhoofs volledig ondersoek word. Diskoers is 'n proses en die betekenis van bepaalde uitings is afhanklik van die geheel waarin dit voorkom. Vir 'n ondersoek soos hierdie is dit nie nodig om elke uiting in sy volledigheid te analiseer nie, maar om die funksies van bepaalde verskynsels vas te stel, is dit wel nodig om die diskoerspatroon waarvan dit deel vorm, presies te bepaal. Geen diskoersanalise is ooit werklik heeltemal volledig nie, maar na my mening moet die strewe eerder wees na die analise van enkele verskynsels in 'n volledige diskoersverband as om 'n groot aantal sake gelyktydig in losstaande, kort en uiteenlopende diskoersweergawes te ontleed. Diskoersanalise kan nie op 'n losse basis geskied nie. 'n Sistematiese

metode van ondersoek is van uiterste belang andersins kan die ondersoek maklik ontaard in bespiegeling. Die klem moet op die diskoerstipiese patroon val en hierdie patroon word net blootgelê indien die metode geskik is vir die doel van die ondersoek. Couper-Kuhlen (1986:207) is van mening dat diskoersanalitici nie die tendens moet volg om 'n voorafgevormde model vir die beskrywing van die organisasie van diskoers te gebruik en dan agterna te besluit waar intonasie inpas nie. Die werkswyse moet eerder soos volg verloop: "... from a prosodic point of view, it would undoubtedly be wiser to establish first of all the basic macro- and micro-units of intonational organization beyond the tone-unit and then to investigate their function in text and discourse or conversation".

In paragraaf (2.3.2.2) en (2.3.2.3) is die benaderingswyses van diskoersanalise uiteengesit. Die analises in hoofstuk drie is daarop gebaseer. Die volgende doelstelling is dus nagestreef:

- * ondersoek na werklike taalgebruik:
- * wyse waarop gespreksdeelnemers interaktief onderhandel en interpreteer;
- * evaluering van die diskoersproses.

4.5.2 KODEWISSELING EN STRATEGIE

Daar is in die analises bevind dat die wisseling tussen Afrikaans en Engels opsigself strategies deur die dosent aangewend is in die diskoers. Appel en Muysken (a.w.: 29-30; 118, e.v.) dui aan dat die funksies van taal en dié van kodewisseling uit dieselfde kategorieë bestaan. Hierdie gelyktydigheid is in die analises teëgekome (vergelyk analise I en II). Om die funksies van kodewisseling vas te stel, is die intonasiekeuses van die dosent verantwoord.

Die funksies van kodewisseling is daarom in die eerste plek bepaal op grond van die funksies van intonasie in die besonder.

Daarvolgens is die funksie van kodewisseling, soos vasgestel binne die diskoersverband, informatief (veral om te benadruk), interpersoonlik en faties van aard.

Die dosent gebruik intonasie en die verband wat dit tussen temas lê as 'n strategie om kodewisseling te kommunikeer. Die dosent wissel egter ook van kode om Engels as 'n we-code toe te pas (vergelyk par. 3.3.3.4). Hierdie wisseling plaas die rolverwantskap op 'n interpersoonlike basis en die informeler styl is ook gereflekteer op die leksiko-grammatiese vlak. Die dosent het dikwels in sodanige gevalle na 'n polisillabiese laagtoon verander. Die kontras wat sodoende geskep is, moet daarom as die strategiese gebruik van intonasie om kode- en stylwisseling te kommunikeer, beskou word. Dit is ook 'n bewys van kommunikatiewe buigsaamheid van die dosent se kant, omdat die gebruik van Engels die studente tegemoetkom.

Die fatiese funksie van taal is nou verbonde aan die interpersoonlike, en hoofsaaklik daarop gerig om volgens Appel en Muysken (a.w.:30) die kommunikasiekanaal oop te hou deur die konvensionele gebruik van onder andere gespreksopening, aanduiding van beurtwisseling "... and if necessary, also (...) language forms that identify the in-group within which interaction is taking place". Hiërdie fatiese funksie van taal in die algemeen, is ook in die analises aangetoon as van toepassing op kode- en stylwisseling. In verband hiermee noem Appel en Muysken (a.w.:119) die volgende: "All participant-related switching can be thought of as serving the directive function of language use." Die fatiese funksie kan daarom ook as 'n komponent van die direktiewe of hoordergerigte funksie beskou word.

Tematisering is hierbo (vergelyk analise III) aangetoon. Kode- en stylwisseling is ook binne die diskoersorganisasie ontleed en vorm 'n integrale deel van die diskoers se tematische ontplooiing. Omdat taalgebruik van een oomblik na die volgende wissel, is die funksies van kodewisseling nie as 'n gegewe beskou wat in

alle diskoerse op dieselfde wyse volgens 'n stel reëls funksioneer nie, maar die diskoers is ontleed om presies vas te stel wat hierdie dosent met taal en dan in die besonder met intonasie dóén. Op grond hiervan is die bogenoemde funksies bepaal.

Die onderhawige ondersoek se bevindings is kwalitatief van aard en ook nie algemeengeldend van elke klaskamerdiskoers nie. Dat intonasie egter gebruik word om kodewisseling strategies te kommunikeer of te hanteer is bo alle twyfel aangetoon. Die gelyktydigheid van kodewisseling- en intonasiefunksies kan soos volg voorgestel word: kodewisseling -> variasies van taal -> leksiko-grammatiese en intonasiekeuses òf intonasie- en leksiko-grammatiese keuses -> variasies van taal -> kodewisseling. Die wyse waarop dit binne diskoersverband funksioneer sal egter eie aan elke besondere diskoers wees. Elke diskoers is uniek. Dit is onmoontlik om 'n diskoers se verloop presies te voorspel aangesien dit 'n proses is, wat gedetermineer word deur die drie situasionele dimensies. Slegs 'n objektiewe en wetenskaplike-gefundeerde diskursiewe ondersoek kan die kreatiewe gebruik van taal en die funksies waarvoor dit aangewend word, blootlê.

Gumperz (1982:98) is die volgende mening toegedaan: "Code switching signals contextual information equivalent to what in monolingual settings is conveyed through prosody or other syntactic or lexical processes. It generates the presuppositions in terms of which the content of what is said is decoded."

Dit is in die lig hiervan dat intonasie as kodewisselingstrategie binne diskoersverband in die onderhawige ondersoek benader is.

4.6 AANBEVELINGS

Die diskursiewe ondersoek na intonasie ten opsigte van Afrikaans, is in Suid-Afrika nog onontgin. Aanbevelings met die oog op verdere navorsing kan in die lig hiervan uitgebreide

afmetings aanneem. Afgesien van die rol wat intonasie in 'n eentalige diskoers speel, is daar ook nog die probleem van die mate waarin dit tydens interkulturele kommunikasie tot misverstand aanleiding kan gee (vergelyk Van Jaarsveld, 1989:450). Die aanbevelings wat hier ter sprake kom, is voortvloeiend uit die ondersoek en dus nie 'n weergawe van al die leemtes rakende die ondersoekterrein nie.

Alhoewel die kwessie van polisillabiese toonhoogte deur Couper-Kuhlen (1986:104, e.v.) geopper is, bly die skrywer in gebreke om die funksionele rol daarvan in diskoers uit te klaar. Johns-Lewis (1986:199, e.v.) wys daarop dat prosodiese verskille tussen die verskillende genres, byvoorbeeld lesings, gebede, en dies meer nie goed verstaan word nie. Die skrywer stel in 'n ondersoek na enkele prosodiese karakteristieke van hardoplees, toneelspel en gesprekvoering vas dat die algemene toonhoogte van gesprekvoering laer is as die van hardoplees en dat toneelspel 'n besonder hoë toonhoogte handhaaf. Die bevinding is gebaseer daarop dat gesprekvoering nie 'n mededingende aard openbaar nie en die skrywer (a.w.:217) wys op die volgende: "Conversation which becomes competitive exhibits pitch raising at turn competitive points (...)." (Vergelyk ook French en Local, 1986:157, e.v.) Die ondersoek is uitgevoer deur 'n aantal sprekers 'n kort teks te laat voorlees, daarna 'n monoloog op te voer en laastens is 'n gesprek tussen die analis en die onderskeie sprekers op band vasgelê. Ongelukkig is geen weergawe van hierdie gesprekke ingesluit by die bespreking van die ondersoek nie. Die opname is in 'n klankdigte vertrek gemaak en dus kom die probleem van die waarnemersparadoks (vergelyk par. 3.2) ter sprake.

Die skrywer (t.a.p.) som die uiteindelijke bevinding soos volg op: "The speculative suggestion is, then, that heightening of pitch characteristics is attuned to attention-states in the hearer-organism, pitch heightening having the function of focusing and maintaining attention."

Daar is in die onderhawige ondersoek vasgestel dat die algemene toonhoogte in 'n klaskamerdiskoers wissel, sodat polisillabiese laagtoon oorwegend met die fatiese modus (vergelyk par. 3.3.3.2) assosieer en die "normale" toonhoogte met die informatiewe. Hierdie tendens kan uit die aard van die saak nie as algemeen-geldend beskou word nie en noodsaak opvolgondersoeke.

Daar is reeds gewys op die probleem wat ervaar is om gelyktydig met die vasstelling van 'n toonsillabe se toonvlak, ook die aard van die toonbeweging te bepaal (vergelyk par. 4.3). Coulthard en Brazil (1981:82, e.v.) bespreek die betekenisfunksie wat geheg moet word aan styg- en daaltone in diskoers waarin beurt-wisseling ruim voorkom (vergelyk ook Brazil, a.w.:146, e.v.). Aangesien die diskoers wat in die onderhawige ondersoek ter sprake is oorwegend monologies verloop het, is die funksionele aanwending van toonbewegings nie onder die loep geneem nie. Hierdie saak vorm myns insiens veral 'n basis vir ondersoeke na misverstand tydens interkulturele kommunikasie (vergelyk par. 1.1).

Couper-Kuhlen (1986:200) is van mening dat "... intonation appears to be responsible not only for establishing sections which are hierarchically related to one another and providing cohesion within these sections, but also for creating centers of (prosodic) focus. To what extent the latter coincide with the semantic or topical focus of the text or part of text remains to be investigated." Daar is in my ondersoek bepaal dat polisillabiese toonhoogte met die diskoersmodus geassosieer kan word en dat die aktiwiteite wat binne die diskoerssfeer van 'n lesing wissel van "aanbied van die gediginhoud" tot "saamstel van die gevolgtrekking", afgebaken is deur die polisillabiese laagtoon van laasgenoemde (vergelyk figuur 9). Die rol wat intonasie speel binne die interne diskoersorganisasie rondom temas kan moontlik opgeklaar word deur die toonvlakkeuses van verskillende temablokke met mekaar te vergelyk en ook die toonbewegings van elke uiting na te gaan. Sodanige ondersoek sal egter besondere hoë eise stel aan die opname en die verwerking van die data.

Die feit dat die terminologie rakende intonasie voortdurend aangepas moet word deur van vertalings gebruik te maak, sal hopelik opgelos word indien meer ondersoeke na die intonasie van Afrikaans gedoen word. Daarmee saam verdien metodes vir die versameling van data wat as natuurlike taal beskou kan word ook dringende aandag.

In paragraaf (4.4.3) is verwys na die gelyktydige funksies van intonasie en nie-vokale kommunikasie. Die kultuurspesifieke aard van byvoorbeeld gesigsuitdrukkings, kopbewegings, en dies meer kan lei tot misverstand tydens interkulturele kommunikasie. In ons multikulturele land behoort navorsing oor die nie-vokale kenmerke en gepaard gaande prosodiese verskynsels voorrang te geniet in taalondersoeke.

Ek spreek die vertroue uit dat hierdie ondersoek 'n bydrae gelewer het tot die begin van intensiewe navorsing oor die intonasie van Afrikaans.

BYLAE A

'N WOORDWEERGAWE VAN DIE OPNAME

mense ons moet hmm nee nee nee o
 ons moet vandag begin met 'n ander gedig
 die ander is lankal by die derde gedig hoor
 maak vir my oop op bladsy vyf en dertig
 kyk in die laai
 hier is ook nie eintlik plek op hierdie bord nie
 goed ons het hierdie gedig nog nie begin nie nê
 ons het die vorige gedig klaargemaak van die mot en die kers
 nou voordat ons hierdie gedig begin wil ek eers vir julle vra of
 julle die gelykenis the parable in die bybel ken wat die here
 vir die mense sê hulle moenie hulle huis op sand bou nie maar op
 'n rots

they must build their houses on rocks you know that parable

goed onthou dit bietjie as ons hierdie ding lees

nou wil ek vir julle ook vra

wat beteken dit om jou huis op 'n rots te bou in die bybel nou
 hoe ding is 'n rots

-----> hard

hy's hard en hy's sterk nê

as jou huis in die rots geanker is if its anchored into a rock

dan sal jou huis mos baie sterk staan stem julle saam

as jou huis op sand staan sand is nie so sterk nie nou goed

wat wil die bybel vir ons sê as hy vir ons sê ons moet ons huis
 op 'n rots bou

wat is daai rots

ja

ja abraham

moet ons ons huis op probleme bou

ek wil nie my huis op probleme bou nie

ek dink jy bedoel iets anders abraham

ons kan nou nou daarby kom

----->

ja dis geloof faith en hier toon faith geloof is soos 'n

jy is die huis en jy is die mens wat in die huis bly

en as jy jou huis bou jouself bou
 op geloof in god dan is jy baie sterk
 dis wat dit wil sê geloof hierdie ding gaan eintlik oor faith
 geloof

goed kom ons lees die gedig
 ek het 'n huisie by die see
 dis nag

nou mense hierdie ou wat die ek is
 wat die verteller is
 hy het baie vyande
he's got enemies

en hierdie vyande maak 'n aanval op sy huis
 met ander woorde dis goed wat sy huis bedreig
 wat sy huis kan vernietig stukkend maak
 die eerste vyand wat hierdie verteller het
 die eerste ene is die donkerte en die nag
 dis die eerste vyand

hy't drie vyande eintlik

he's got three enemies three enemies

ek het 'n huisie by die see
 dis nag

ek hoor aaneen aaneen die golwe slaan
 teenaan die rots waarop my huisie staan
 met al die oseaan se woeste krag

goed nou hy's bang nê
 hy sit binne in sy huisie

wat hoor hy

hy hoor aaneen

aaneen die golwe slaan

wat is golwe

the waves of the sea is banging against his house

dit is die tweede vyand is die see

